


TYDSKRIF vir letterkunde



*Nuwe reeks VI : 3
Augustus 1968*



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Redakteur: Coenie Rudolph

Skakelredaksie:

*J. J. Brits, W. A. de Klerk, André Demedts, B. le Roux,
Joan Lötter, Koos Meij, Eben Meiring, P. J. Nienaber,
Z. J. Pretorius, P. D. v. d. Walt, M. M. Walters*

Augustus 1968

Nuwe reeks VI : 3

KOPIE vir die tydskrif word gestuur aan:

Die Redakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria.

L.W.—Ongebruikte kopie kan slegs teruggestuur word as 'n gefrankeerde koevert ingesluit was.

KORRESPONDENSIE (i.v.m. administrasie, intekengeld, sirkulasie en advertensies) word gerig aan:
Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

BUITEBLADFOTO: Van dr. A. D. Keet. (*Foto: Caru*)

Hierdie buiteblad bereik u met die komplimente van:

NASIONALE BOEKHANDEL.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van die Departement Kultuursake aan die Afrikaanse Skrywerskring en van die Afrikaanse Persfondsraad.

I N H O U D

*Blad*sy

	1	Die Verwoerdprys
Redaksioneel	3	Op besoek by A. D. Keet
R. Keet	9	Verlange
N. A. Liebenberg	10	Die herlees van ou briewe
Marié Blomerus	12	Van 'n verlore landskap
Jan Spies	13	Waters wat opdro
Wilma Stockenström	20	Tweewêreldvoël
Sannie Uys	22	Die vrese van my kinderdae
Pieter du Plessis	26	Nou dat hy weg is
Mie-jeanne Moelaert	28	Ten huize van Marnix Gijzen
Freda Plekker	31	Gesprek in die donker
A. Kloppers	33	Bosveldbokke
Sarel Smit	34	Die ys moet breek
Valerie H. Lewis	36	„Verkramptes” en „verlig- tes” . . .
Jeanne Goosen	39	Gedigte
Rina Badenhorst	40	'n Psalm
Phil du Plessis	41	Op die dood van 'n stem
André Demedts	42	Stijn Streuvels
Mie-jeanne Moelaert	49	—V— Van verlangen
Mada Reinecke	50	Kinders van die mens
Eric Pijnaken	53	Stilte voor Bob James
Anette Fell	54	Etensuur
F. I. Durand	55	Roosboom
Aletta Lubbe	56	Die begrafnis van Vlermuis
Petru Klarcson	58	Reinkarnasie
U. M. Gerryts	60	Aandster toe
Wessel Pretorius	61	Ons heiligheid
Stephan Bouwer	62	Bitter-sweet
W. A. de Klerk	63	Die dag toe Eghardt kom kuier het
Anita van Vuuren	68	Naguil
Andries Alberts	70	Die Afrikanervolk wil leef
D. M. Greeff	75	'n Strepie reent
Bonnie Duvenhage	77	As die see
Lucas Malan	78	Tuiskoms
Hewitt Visser	79	Woonstelbestaan
Cas Kruger	80	Loon
Abel Coetzee	81	Tot nagedagtenis van Eliz. C. M. du Toit
Ou Grietjie	83	Skyfies

REDAKSIONEEL

DIE VERWOERDPRYS

As die winde van emosie en die stof gaan lê het, kan mens minstens dit helder sien:

1. Die man wat die mosie i.v.m. 'n prys vir vaderlandse letterkunde ingedien het, is nie 'n letterkundige nie. Hy het dus nie die aanvaarde geluide gemaak wat 'n skrywer sou gemaak het nie. Hy het as politikus 'n mosie ingedien vir die besteding van belastingbetalers se geld.
2. Die reaksie op die vriendelike gebaar van die regering het nou amper 'n konfrontasie tussen skrywers en politici geword. En nie een van die partye baat daarby nie.
3. As skrywers en politici nou wil koel bly, kan 'n mens die volgende voorstel:

Laat albei partye mekaar se goeie trou eerbiedig en die saak soos grootmense bespreek. Met die regte gesindheid en geduld kan die politici se bedoeling met die prys helderder geformuleer word; met 'n bydrae van skrywers en akademici kan voorwaardes en norme so geformuleer word dat dit bo literêre en politieke verdenking staan.

4. As ons tot daar gevorder het, kan ons begin kyk watter pryse kom o.a. nog kort:

'n prys vir kinderboeke,

'n prys vir kinderoerettes,

'n prys vir spanningsverhale,

'n prys vir jeugverhale,

'n prys vir tydskrifte,

'n prys vir artikels oor die letterkundige teorie.

'n prys vir . . . hoeveel fasette van die letterkunde.

Daar is mos nie genoeg pryse nie! Bestaan ons letterkunde dan net uit die borshempliteratuur van geëilande akademici en skrywers wat „arriveer” het? Ons kan nóg pryse kry; ook 'n prys vir letterkunde wat spreek van 'n liefde vir die bodem of wat getuig van vaderlandsliefde of vir 'n boere-roman, of 'n Bybelroman. Waarom NIE?

Die onderwerp of die stof bepaal tog nie die gehalte nie! En oor norme, literêre norme, kan mens tog tot 'n vergelyk kom. Of is al die norme reeds gevind en „in barnsteen gestort” en ewig vas? Soek ons nie nog nie?

5. Een stukkie snobisme moet genoem word: die vreemde gedagte dat 'n skrywer van naam nie om 'n prys meeding nie. Louter snert! Is die Hertzogprys nie 'n prys nie? Ding mense nie daarom mee nie? Kan 'n Verwoerd- of 'n Louw- of 'n Vuurwarm-prys nie dalk leer van die Hertzogprys se foute en beter prosedures en dalk ook presieser norme vind nie? En dalk beter werke bekroon nie?

Laat ons selfs heftig stry, maar op so 'n wyse dat ons nie die baba met die badwater weggooi nie.

IRENE-KERKHOF

„en soek dan in die maanlig al die mooiste plekkies uit waar ek klei-osse gemaak het as 'n kind.”

Dit was dan wel nie in die maanlig van Toon van den Heever nie, maar helder daglig dat ek weer gaan kyk het na die Irene-kerkhoffie waar ons as kinders so baie ure deurbring het. Jy het dan altyd eers 'n see van kosmosblomme en wuiwende gras gesien en die lang sipresse waarin die wind gesuis het. Terwyl jy naderkom, spring die hasies voor jou voet weg, en met die deurdringende gesing van die kriekies en ander diertjies in jou ore buig jy jou om die blomme opsy te skuif om die eenvoudige leiklipgrafstene bloot te lê.

In opbeholpe letters uitgekerf lees jy dan: „Hir ruzt mijn geliefdóchrje” of „Huer rust Felippes Jacobus Nell is geboren den 3de Agestes 1899 . . .” Elke grafsteentjie verskil van die ander, daar is baie kleines sonder veel woorde, ander met ekstra versiering rondom en met bybeltekste daarby soos „Rust mijn ziel” of die toevoeging „Zijn uitgaan was zag en kalem.”

So baie kindertjies lê hier. Ons het versonke in gedagte al die bloedjies hoor huil, die diepbedroefde moeders gesien in hul pogings om tog goeie kos en melk vir hulle te kry.

Toe ek onlangs weer in die kerkhof kom, wag 'n groot ontugtering. Alles kaal, skoon en glad en soos soldate in gelid staan die moderne grafstene, twee-twee bymekaar. Die ou leiklipstene vasgemessel teen die mure, nie meer blootgestel aan ververing nie. Maar dis nie meer die mooi tuin van vroeër waarin blomme gebloei en hasies kon rondspring nie. Die lewe staan nie stil nie . . . En dit laat die dood skynbaar ook nie met rus nie.

'n Redakteur kry baie briewe. Sommige word nogal sorgvuldig gebêre want dit is waardevol. So 'n brief is die een wat ek van dr. A. D. Keet ontvang het en waarin hy geesdriftig vertel het van die Senekalse laerskool se opvoering van 'n kinderooperette. En as mens die keurige handskrif so beskou, kan jy nie glo dat die man wat dit geskryf het op 14 Oktober vanjaar reeds 80 jaar oud sal wees nie. Die geesdrif waarmee hy skryf, die jeugdigheid van gees, die kennis waarmee hy gesels oor die opvoering laat my besluit: vir hom móét ek gaan kuier.

Gedurende die Aprilvakansie het ek en Anna een Saterdagmiddag die dubbelverdieping, met sy uitsig op Senekal se kerkplein, gaan opsoek. Hy het ons op die stoep ingewag.

Maar dit het 'n goeie tien minute geduur voor ons in die sitkamer gekom het. Wie loop nou sommer verby die oorspronklike skilderye van Pierneef, Erich Mayer, Naudé, Maggie Laubscher e.a.? Dis maar stilstaan en kyk en gesels. En daar is werke van sy dogter Rosa en sy skoonseun. En gou-gou ontdek jy dat hierdie tagtigjarige helder wakker is en volkome vertrouwd met die dinge wat in 1968 gebeur. Maar ook oor die dae in Amsterdam het hy nog 'n helder geheue en is hy propvol staaltjies.

Hy hou blykbaar nog 'n lewendige en uitgebreide korrespondensie aan die gang en was tot onlangs jare lank medewerker aan sommige Nederlandse blaaië.

Sy besondere nugterheid van gees blyk gou as ek hom later versoek om iets oor sy eie lewe mee te deel. Nee wat. Dit staan tog in Nienaber se werk. (*Jonger skrywers aan die woord.*)

Ons drink koffie. Mevrou en die twee dogters is na 'n bruilof en sal eers later kom. As hulle later ook opdaag, is dit so goed of daar nuwe sonlig kom, of die koue van die herfreëntjie heeltemal verdwyn. Dis mense wat nie bang is om liefde spontaan en oorfloedig uit te deel nie. Die gereserveerde skugterheid wat so dikwels 'n armoede bedek, is hier nie teenwoordig nie; net die menslike warmte wat jou nadertrek en insluit in die hartlikheid.

Met hulle tuiskoms was ons juis in dr. Keet se „boerplek”. Nee, dis nie die studeerkamer nie. Die studeerkamer is bo, maar is op die oomblik afgestaan aan Ellen. Maar hier is genoeg boeke en tydskrifte en koerante om dit soos die voorkamer van 'n besige dokumentasiesentrum te laat lyk. Dit lê letterlik oral rond — op die stoele, op die rusbank en onder die tafel. Die outydse balie onder die tafel loop al oor. Maar tussen dit alles deur lê die digter sy hand op die boeke wat hy vir ons wil wys: 'n boek deur prof. Hoernle wat mev. Hoernle hom as geskenk gestuur het; 'n plakboek met briewe van dr. Leyds, en ander stukke Africana.

In die studeerkamer het ons later gaan kyk na 'n foto deur 'n Franse fotograaf geneem van drie dames wat so 'n ontydige fees gevier het tydens die Engelse oorlog. Dis die foto van drie dames o.a. Genl. De la Rey se dogter, wat in die veld saam met ander gaan jolyt maak het toe hulle die riemtelegram gekry het dat die Boere met die Vrede van Vereeniging hulle onafhanklikheid behou het. Die insident het aanleiding gegee tot „Die Twee Boodskappers”, Keet se bekende gedig daaroor. Die plakboek bevat ook die briewe van dr. Leyds oor die insident, en sekere wenke wat hy aan die hand gedoen het i.v.m. die gedig.

En so praat-praat het ons ingestap in 'n letterkundige tydvak wat lankal reeds afgeloop het en opgevolg is deur Dertigers en Sestigters en hoeveel ander rigtings en sake. Maar hier is ons nou in die jare om 1920, wat in meer as een opsig oorgangsjare was. Daarom kan Dr. Keet sê:

„Jy weet, as mens so terugdink dan het die ouer digters, selfs Leipoldt en Totius, eintlik ge-eksperimenteer met Afrikaans. Veel meer as die jonger klomp wat na hulle gekom het. Jy moet ook onthou die digters om en by 1920 is gebore in 'n ander tyd as die ouer garde. Celliers het geveg in die Driejarige Oorlog. Ons wat na hulle gekom het, het glad nie dieselfde ervarings as Celliers-hulle gehad nie. Dink daaraan hoe Celliers, vermom as 'n vrou, uit Pretoria gevlug het om te gaan aansluit by die Boerekommando's. Net daarvoor moet jy respek hê, nie waar nie?”

Keet plaas volkwees en letterkunde in 'n verband wat vir sommige moderne heethoofde stof tot nadenke gee. Hy verwys na wat Gordon Tomlinson geskryf het in sy „Herinneringe van 'n jong Turk”: „Toe ons staatmaker vriend, Bennie Keet, aangestap kom met 'n paar eenvoudige dog mooi gediggies van sy broer, A.D., was ons in verrukking. Ons het deeglik besef dat terwyl ons op 'n strydterrein beweeg het waar sonder genade opgetree moes word, ons sonder letterkundige bydraes van hoë gehalte nie veel sou kon uitrig nie.” Dat die strydery van destyds in Keet se verse 'n bondgenoot gevind het, beteken nie dat hulle die letterkunde diensbaar maak het aan politieke ideale nie maar dat die stryd vir Afrikaans en die handhawing daarvan sinvol geword het omdat daar reeds 'n letterkunde bestaan het.

Oor sy Europese dae kan hy geestig en onderhoudend vertel. So vertel hy hoe hy in 1919 tydens die konferensie met die Vrede van Versailles werksaam was as arts in 'n hospitaal op die grens van Duitsland.

„Dit was in die stad Arnhem. — Dié stad het mos later beroemd geword deur die Britse valskermtroepe. Hulle is mos heeltemal uitgewis deur die Duitsers. — Dr. Leyds kom sê my toe daar kom 'n vryheidsdeputasie na Holland en hulle het 'n sekretaris nodig, en of ek nie hulle sekretaris wil word nie.

Ek sê toe ja, maar hoe kom ek los van my kontrak by die hospitaal? In elke geval, een van die Wethouders — 'n man wat baie pro-Boers was — het die saak vir my help beklink en ek is weg om die deputasie te ontmoet.

Die dag toe die deputasie nou Holland toe kom, is prof. Bodenstein en ek en omtrent nog 20 Afrikaners daar. Bodenstein en ek is albei in streepbroek en manel, jy weet, pluiskeil, ens. om die deputasie te ontmoet. Maar toe die skip daar aankom, is dit net Daantjie Wolmarans en adv. Jansen.

En Bodenstein stel my voor aan oom Daantjie en sê: „Dis dr. Keet, julle sekretaris.”

En Oom Daantjie sê: „Sekretaris? Maar ons het mos 'n sekretaris!”

Reken, toe het hulle nooit dr. Leyds 'n kabel gestuur dat hulle intussen 'n sekretaris gekry het nie. En daar sit ek — ek is my job as sekretaris en my pos in die hospitaal kwyt!”

Dr. Keet lag vandag oor die streep wat die lewe hom destyds getrek het, soos hy ook goedig lag oor die kritiek wat teen sy gedigte uitgespreek is. As ons deur 'n waardevolle ou plakboek blaai, kom ons af op 'n brief van Willem Kloos; briewe van die Nederlandse voordragkunstenaar, Lauwerijs; 'n kritiek van Eugène Marais oor Keet se bundel gedigte wat hy doodgewoon swak gevind het. Maar ek hoef dit nie te lees nie. Dis dr. Keet self wat die sappige dele uitwys:

„Man, hy het my vreeslik afgekam. Hy vind die *Muskietejag* wel aardig. Dis darem 'n troos.”

Later gesels ons oor die jare van sy vorming. Dit was veral die vroeëre Nederlandse digters wat hom inspireer het en dan natuurlik Celliers, Totius en Leipoldt.

Vraag: En wat van die Tagtigers?

Antwoord: Ja, kyk, toe ek student was aan die Kaap, was die voorlesings in Nederlands maar baie droog. Ons het dit selfs in Engels gekry. Verbeel jou: Nederlandse letterkunde in Engels! En dan ook net oor die heel ou digters. Glad nie oor die Tagtigers nie. Die het ek eers in Holland leer ken.

V. Mag ek u nou 'n paar vrae oor die moderne digkuns vra?

A. Ja, as u dit nie gaan publiseer nie.

V. Hoekom nie?

A. Het u nie daardie een aforisme van my gelees nie? „Dit is noodlottig vir die een digter om die ander digter te kritiseer.” Die mens bly tog maar 'n mens; nie waar nie?

V. Dink u dat die poësie al hoe moeiliker word?

A. Dis alte seker die geval, ja.

V. En wat sê „een van die ouer digters” nou oor dié neiging?

A. My persoonlike mening is: hulle is veels te serebraal. Na my gevoel ontbreek die ontroering. Vat nou maar jou *Tydskrif*. Ek kyk altyd al die gediggies deur, maar hulle sê soms so min. Daar is so min wat bly hang by jou. Vergelyk dit nou met *Dis Al*, of met *Winternag*. Maar hoeveel

- van hierdie gediggies in *Tydskrif* sal vir 'n leeftyd bly?
- V. Die sg. verwydering tussen die digkuns en die volk — spruit dit nie dalk uit die moeiliker wordende poësie nie?
- A. Alteseker. Dit het 'n mode geword om so te skryf. Die ouer digters is heeltalig vergete.
- V. Ja, maar die wêreld het veral tegniese so 'n geweldige verandering ondergaan . . .
- A. Ja, ek sê gisteraand nog: vandat die satelliete in die wêreld gekom het, is die maan glad nie meer romanties nie. Maar die kwessie is: wie gaan die langste bestaan? Hierdie moderne digters of die ouer digters? Ons moet nooit vergeet nie: die ouer digters, veral die ou Griekse digters, het geskrywe vir voordrag. En hulle staan vandag nog. Die ultramoderne gedigte is nie geskryf vir voordrag nie. Dis 'n leespoësie, of 'n studiepoësie. Maar aan die ander kant kry jy tog iemand soos die Russiese digter, Jewtosjenko, wat die wêreld deurgaans en sy gedigte voordra. En kyk die gehore wat hy trek! Daar is 'n begeerte by mense om gedigte aan te hoor.
- V. Hoe staan u teenoor die Sestigste se werke?
- A. Nee, die Sestigste trek my nie baie aan nie.
- V. Het u hulle werke gelees?
- A. Ja. My groot beswaar dáár is al die seksualiteit. Hulle sleep soms seks in om te dien as spesery by 'n letterkundige dis, nie waar? Dit is so 'n bietjie na-apery van wat nou in Amerika aangaan.
- V. Sou u sê daar was 'n vernuwing nodig?
- A. Ja . . . ek wil nie sê dat dit *nodig* was nie. As dit gekom het, hét dit gekom, nie waar nie?
- V. Het u al Berta Smit se *Een plus Een* gelees?
- A. Nog nie, maar ek het die resensie gelees, van Meij, is dit nie?
- V. Ja, Koos Meij. Maar dis tog 'n werk wat net uit hierdie land kon ontstaan het.
- A. Ja, maar was dit nie Ibsen nie wat hulle verwyrt het dat sy dramas te nasionaal was? Toe sê hy: as hy kan, sal hy dit selfs nog meer nasionaal wil maak. Dis natuurlik nie nasionaal in sy beperkende sin nie, maar universeel.
- V. Dink u die digter is in wese 'n religieuse mens?
- A. (Na 'n lang stilte) Ek dink in die grond daarvan ja. Ek praat nou van die deursnee-digter, nie mense wat godslasteraars is nie.
- V. Sou u sê die religieuse gevoel is nodig?
- A. Dit hang af van die benadering van die skrywer. Dit is iets wat hom gegee is. En die digter moet dankbaar wees. Teenoor wie?
- Nou ja, nou dink ek aan 'n ou professor in Holland — hy het gesê hy is 'n ateïs. Toe nooi hy eendag 'n klompie studente om by hom te kom teedrink. Hy vertel hulle toe

dat hy in 'n ongeluk betrokke was en hy voel tog so dankbaar dat hy niks oorgekom het nie. Maar een van die studente vra toe: Professor, aan wie was u dankbaar? Aan wie? — dis die vraag."

Daar bestaan geen twyfel dat A. D. Keet weet aan wie hy dankbaar moet wees nie. Maar nou moet mens dit ook duidelik stel: by hom of in sy huis is daar geen dwepery met die of daardie standpunt nie. Daar is 'n koele nugterheid wat dit kan bekostig om ook teenoor die jonger poësie sy toegewings te maak. En daar is bo alles die gevoel dat die man voor jou intellektueel wakker en aktief is. Hy weet wat in die wêreld aangaan. En al verwys hy na homself as 'n *centarian* is dit nie omdat hy oud en afgeleef voel nie. Sy sprankelende humor en ligte ironiese kommentaar bewys die teendeel.

Op 14 Oktober sal A. D. Keet 80 jaar oud wees. Maar hy voel nog jonk genoeg om 'n ou Sjinese gediggie aan te haal:

As die ouderdom kom kuier,

sal ek die deur sluit en sê:

Ek is nie tuis nie.

Tog is hy „tuis” in soveel huise en konsertsale waar sy liedere gesing word. Miskien sal mens later eers besef A. D. Keet het voldoen aan 'n behoefte wat niemand anders kon of wou vul nie: die behoefte aan liedere wat menslik genoeg is om via die woorde en musiek die gehoor se hart te raak. Die volgende lys, deur Jan Bouws saamgestel, gee 'n indruk van die bydrae wat A. D. Keet gelewer het tot die liedereskat van Afrikaans:

GEDIG

As saans

Amsterdam

Aan my moedertaal

Aandmymering

Aan die Kruis

Berou

Corrie

Die Maan

Die Vierkleur

Dichter sind Lügner

Ek haat die felle daglig

Ek hou van blou

KOMPONISTE

Horace Barton

Jan Bouws

B. Elbrecht—E. Mulder

P. W. Haasdyk

S. le Roux Marais

M. C. Roode

J. P. J. Wierts

Anna L. Vos

Ernst Löwenherz

Septimus Smuts

Flor Peeters

S. le Roux Marais

Emiel Hullebroeck

Jan Bouws

Emiel Hullebroeck

Mev. Wm. Sippel

Jan Bouws

Anton Kratz

Hennie Joubert

Groot Suid-Afrika	Anna L. Vos
Hier in die wêreld	Edm. Saltin
Heimwee	Marinus de Jong
Kinderlied	M. L. de Villiers
	Hans Endler
	S. le Roux Marais
	Walter Spiethoff
	Cornelis Dopper
Kom, Afrikaners	Anna L. Vos
	A. Schumacher
Klaas Vakie	Horace Barton
	Jan Bouws
	D. J. Brienne
	Cornelis Dopper
	Marius Kerrebyn
	J. P. J. Wierts
Kafferkindjie	J. Kromhout
Maar een S.-Afrika	F. R. Gericke
	S. le Roux Marais
	Mev. Wm. Sippel
	M. L. de Villiers
	Sister of the Holy Assumption
	Herre de Vos
Muskiete-jag	M. L. de Villiers
	J. Kromhout
Moeder	P. J. Lemmer
	Albrecht Lewald
	S. le Roux Marais
Net maar gesien	Dirkie de Villiers
Sonnedaal	Jan Bouws
	Emiel Hullebroeck
	Hendrik C. van Oort
Sneeu	Cornelis Dopper
	M. C. Roode
	Walter Spiethoff
Sing uit jou lied	Johannes Joubert
	Anna L. Vos
	Arnold Spoel
'n Sanger	Wolfgang Wyderveld
So is daar geskrewe	Albrecht Lewald
Slagvaardig	M. L. de Villiers
Voorjaarslied	Cornelis Dopper
	I. P. J. Wierts
Verlange	Emiel Hullebroeck
Uit pure pret	Emiel Hullebroeck
Winter	Cornelis Dopper
	J. P. J. Wierts
Waar bliksem slaan	Marinus de Jong

Red. —

VERLANGE

Dis half-twee in die oggend
jou asem warm op my hand
terwyl ek skryf,
jou gesig agter my ooglede
geslote.

Die straat slaap, die dorp dra 'n masker.
'n Koel hand op my voorhoof.
Ek vryf my lippe oor die lyne
van jou brief.
Ek het jou lief.

Jy is nog wakker.
Ek is 'n borsbeeld wat met myself praat;
die rooi see lê tussen ons.
Die stad besit jou,
hou jou gevange.
Ek gee jou die nag present.
Ek verwarm my hande op die blaaie
van jou brief.
Ek het jou lief.

APRILMAAND

Aprilmaand is my oogappel
amandeltak en okkerneutboom
hy gee my die maan en die morester
hy gee my my lewensdroom.

Die smeltkroes van uitgesoekte silwer
het 'n sleutel aan my gegee.
Die deur draai om op sy skarniere
— my jongmeisiedae was net geleen.
Met blye hart ontvang ek
'n tafel met goue appels gedek.
Ek hang dit om my hals
— 'n bont kombes.
Nege maande lank
— 'n liefdesvers.

Aprilmaand is my oogappel
amandeltak en okkerneutboom.
Hy gee my die maan en die morester
hy gee my my lewensdroom.

N. A. LIEBENBERG

DIE HERLEES VAN OU BRIEWE

Heeldag lank
het ek van hulle probeer wegkom
hierdie klein koeltes
wat nou tuimel uit jou ou briewe
maar dit het niks gehelp nie
ek het hulle liefgehad

Om vlugteling te wees
het ek hier kom sit
sodat jy my eensaamheid na my kon dra
en ek moeg na kon dink
by watter kruispad
was my oë blind

Dit is herfs hier het jy eenkeer geskryf
en die tyd laat my speel
met liefdesverse op roesbruinblare
dit is net snags onder die eenvoudige sterre
dat ek alleen voel
elke keer as ek na jou hande soek
Daarom skryf ek hierdie brief nie op oker nie
maar met ink
sodat jy my treurige bloed lief kan hê

Nou sit ek hier
met oë waarvan die kleure my verlaat het
en wonder teen die yling van die wind
of dit herfs is waar jy werk
en of jy nog briewe skryf.

DIE AFSTAND NA JOU MOND IS VOL KORT WINTERS

So dink aan my
as 'n mondvul moontlikhede.
As jy lag,
sal ek lag
en uitbreek soos 'n suurdeeg:

Want jy is my taal
en die saad van my denke
waarin ek my aande stort
soos 'n kraan wat aanhoudend drup.

Jy spoor die twee koppe van my oë aan,
onafskeidbaar en geheel en al vermeng
soos die vlug van 'n swerm somervoëls,
en my tande boor in noue formasie
na die son van jou vorstelike lippe.

Daarom sal ek nie skreeu nie,
maar die trap opklim, as jy my met 'n glimlag roep
en my oopbreek soos 'n ryp granaat,
na waar dit koel is tussen die palms van jou oë.
Want daar sal ek as geitjie 'n leeftyd lank,
rustig, die bloed van jou lippe ontgin.

EK HET GEEN BEHOEFTE AAN GESELS NIE

Ek spoeg nie teen julle met woorde
soos dit soms die gebruik is nie
maar met stilte
Dit ontwapen die tong
en maak van hom 'n huursoldaat
sonder sy geweer
bajonette trek bloed
en ek sien julle is nie slag gereed nie
dus het die groot operasies geen betekenis nie
gaan nou asseblief
en vergeet die vrou met haar verkrachte kind
sy is tog tē minimaal om 'n gesprek vlot te hou
Julle is sonder sarasenes.

GISTER

Die nagte het teen my opgestaan
en wat maak dit saak
of ek hulle die name van stede gee
Londen, Parys of Zürich bly stede van nagte
en daar is geen Luit of Kitaar groot genoeg
sodat ek hulle met klank omvër kan werp

Die môres is blond met kleurlose dye
maar dit is nie wit genoeg nie
en al bring ek 'n neonmag byeen
kan die donker met sy druk
van ou gesigte, sy oë vol treurige dae
nie verdryf word met 'n miljoen kers-eenhede nie

Daarom kwel ek my liggaam met min slaap
en my hande met koors van rusteloosheid
oor die ure soos stormende honde
Omdat my harnas
van Luit, Kitaar en helder ligte
nie die invallende stede vol gesigte kan stuit nie.

MARIÉ BLOMERUS

VAN 'N VERLORE LANDSKAP

where is the landscape we once knew?
— Boris Pasternak.

Is dié landskap dan werklik weg
landskap van vrede
is dit dan werklik verlore
die liefde die verdraagsaamheid
die uitgestrektheid wat uitkyk op die see;
dit het verander
dit is verskuif die bakens is verlê
dit is bitter gemaak en bebloed;
tog skuil 'n stem nog iewers in verbeelding
is dit oopgesprei 'n kaart
dié liggaam wat hul as dit dood is
terugneem na die landskap van sy geboorte.
Dit is werklik verlore (wat sal ons gebruik vir trane?)
die landskap van vrede (hoe moet ons huil?)
hoe moet ons huil
ons wat nie kan glo
in 'n wederopstanding
van die vlees.

WATERS WAT OPDRO...

Vemiddag h't ons Adim Neinabas begrawe.

Ok maar goed lit hy dood en binne-innie kis was. Want as hy dié affêre moes sien! Wragtag!

Nee vir Adim moes jy nie winkelgoed gewys h't nie. Hy was sommer klaar vir kwaadworre as jy nog net „winkel” wó gesê h't.

'n Donkerbruin kis, geolie'n opgevrywe lat jy bang is om naby te kom — netnou skree die ding „gô” sus 'n harmonium. Dis nou waar Adim in moet lê tot waffer mier eendag dié planke se ruik gekry h't. En allie blinkgoeters! Dis nou sterre, skroewe en handvatsels en affêrings. Skoon millitêre uniform. G'n naasteby 'n ding waarin jy dooimens begrawe nie. Het jy wiele anie ellennige ding ko aanslaan, was hy Floors Duwenhagen se Terreplyn daai dag met Witmagriet se troue.

Ek lieg nie: pure spieël toe ons Adim doer na die bôjaanrant se punt toe dra. Met die aankruie suintoe h't hy deurentyd son loop-en-rondgôi om die hoeke en skuinstes laans. Maar al sil hy ok ve glas gewees h't, sil jy vir Adim nie binne-in ko gesien h't deur allie geblink nie.

So meddie dra saam het ik darem agterie sonne om die naamplaat ko lopenlees: *Adam Josef Coetzee* — ek dag allie tyd dis Koese — *gebore* — kleinvammelewe — *gestorwe* — dis nou eergister — *salig*, en nog 'n klomp mooigoeters wat die Boek oor Dawid te sê had.

En byrie graf krap ik nog die ergste klippers oppie hoop weg om 'n spitkolletjie vir fyngrond te kry. En ik sif toe noggie ergste duifeiers meddie vingers saam uit, want Ou-dominies het tog nie vir Adim met 'n hand vol klippers kan gôi, en sê „stof” nie. Enewil, ik sit siwwe nog so toe sê die Ou „toemaar broer” so deur sy praat. Dis met dié wat ik orent kom, die graaf innie een hand en innie annereen nog so 'n halftwaksak uitgesifte klippers wat ik eenkanttoe wou wegskiet, dis met dié wat ik die nuwe soort begrawery sien. Ênie Levenson staan daar met 'n swartlintkoekblik vol roosblare laans Ou-dominies. En hy strooi dit wragtag oor Adim! Nes die vroumense wasgoed natsprenkel. Jy hoor g'n niks oppie kis val nie.

Marrie val vannie blare was nog niks. Nee. Toe „stof-tot-stof” Ou-dominies hom ok nog daarmee. Ik dag toe wil, ik onthou ok nie meer aldag so waffer nie, maar darie anner Adim was mos nie gemaak uidie blare wat hy gedra h't nie. En dit was hoeka vyeblare. Maar ou Neinabas? — g'n vy geproe in allie jarre wat ik hom kinnie.

Assit nou verdomp blare móés wees, virwat nie daar laansie graf 'n klomp ghabblare van 'n bos loop afstroop nie? Daar sil Adim va gehou h't. Want assit nie virrie ghabba gewees

h't nie het hy nie allie jare hier op Neinabas ko sit nie. Dit weet ons almal: als kan dro wees, maar as daar meddie wind saam net hier en daar nog vannie hoge blare afval wat die goed nie ke bykom nie, hoef jy vir geheel nie aan trek te dink nie.

Hulle kon vir my part sommer oenerie naaste bos 'n paar hannevol dro blare bymekaargeskraap h't, dan wassit nog beter as Ênie Levenson se roosboom s'n.

Adim en rose, ghû. Hy sil vir ou Mara gesê h't: „Ek moe daar onner innie leegte loop puts grou lat jy hier bo kan roosnatdra, hê?” Ennit is ok so: die watertjie wat 'n man in hierie wêreld ooptonnel, moet jy 'n klou na toe aanja lat hy kan suip. Mit al hierie geroosnatsmytery sil onse waters nog algir opdro. Die ghabba ennie blinkhaar gjee wel kos, maar jy moedie water gjee. En hy sit verdomp diep innie klipnate in. En dan verneuk die mikstokke jou ok nog asof alles spulletjies is.

Suffel maal as wat Adim hier op Neinabas moet omgestaan h't met 'n mikstok innie hanne agter 'n watertjie aan! Dis dié lijgy mossie meer hier 'n drieroring of 'n ghabba sil kry wat nog met al sy mikke sit nie. Agter elke draaimik h't Adim 'n helerets anner mikke aangeperebeer, tot op 'n naalde-ogje waar allie mikstokke sie-daar-waters lieg. Want gelieg had hulle; dis dié wat geen vrinne mens innie donker hier op Neinabas 'n voet durf versit nie of hy neuk in 'n puts. Dis hoe die arreme man hier moes grou tot jy ka sê 'n klipgôï va sy eige graf af. Hier en daar 'n ou pirtsie oopgebeitel; pirtykeers net 'n klamtetjie. Maar gewoonlik innie kaal klip ka jy sê opgehou.

Net een water wat jy nou ka sê wâter wat hy hier had, en dis daar warrie ou fantein gesit h't. Daar't die water vanslewe toe Neinabas noggie Neinabas was nie glo sommer hoog-kniediep met 'n sloep lê kinkelgôï Hoedoep toe. Glo nâ Adim al hier kom ketelkook h't ok nog. Maar wat, dis glo nie waffer jarre se jarre gewees nie of daar staan nog net 'n kuil, in ok glo nie waffergoed se kuil wat jy nou ka sê kûil nie. Nouja, toe was-it klaar. Net die vollene jaar meddie droogte saam toe skilpad-skilpad die modderkolletjie nog so 'n rukkje, en toe trek hy sy kop in tot hierie vandag toe.

Wat had Adim kon doen? Hy h't moet koevoete en jompers skerp moker en agternawikkel. Elke jaar 'n entjie. Maar hy het darem altyd die skilpad se kop gekon hou.

Dis wat ek by Adim-self ok gesien h't die pasede klompie jarre: so skilpatterag. En wie ko agter die lewetjie an deurie voege waar hy hóm in truggetrek h't? Nee boeta, darie soort mikstok draai nie innie dokter se hanne nie. Hy sil met sy tjoepmik hier inluister en daar inluister en met sy ystergoeters agterna woel. Maar vir Adim h't ons doer na die bôjaanrant toe gedra; koud soos 'n klam wortel.

Ons het netsowil die ou putsie daar eenkant ko toegôï tot amper bo, vir 'n graf. Maar dit sil okkie waffer gelyk h't as Adim agter die water an sy eige dro graf gegrou h't nie. Dis

dié littik gesê h't: Nee, grou vir hom doer eenkant 'n rêragge graf.

Vir al wat jy weet, lê hy nou bo die water wat hy allie jarre gesoek h't en so bitter nodag had. Maar dit sil my nie skeel nie — Adim sil nie weet nie. En ons ou-soort watermaker se tyd is poegai. Ons wat sil gegrou h't tót ons hom het.

Dis nou by óns wat hulle met roosblare kom neuk!

Gelukkig is Ênie Levenson nie 'n weduwee met 'n koekblik-kruik waaruit Ou-dominies 'n grafvol roosblare ko uitvoetel nie. So 'n paar hannevol — en dis nou okie mý hannevol gewees nie — Adim sil nie weet nie. En ons ou-soort watermaker se genoeg!

Eers het die manne natuurlik die gruis net so orie rand gestoot laddie kis omme-om toeloop. En toe's al wat voorkom die gat in: grond, stof, klippe. Want jy moedie ding tog volmaak. Maar ons konnie reg vannie begint af só toegôi nie, dan was die ou plankietjies vir geheel flinters. Buitendien sillie weswind noggie die man se alle spore doodhê nie, dan's darie appelkasplank voos gedruk, en da lê Adim selwers binne-innie grond in.

Maar so is it nou maar.

Met wat ons 'n lang klip mooi staangemaak h't op die sononnerkant, maak Ou-dominies vlêrmuis. „Stilte broeders-insustersisseblief”, seg hy, „die senningkoor sil nou sing.”

Waar't hulle ve-na uitpuil, wis ik nie, maar daar staat hulle, klaar bonnelgeslaan meddie kleintjies voor en die groteres agter: groter, groter, groter toddie agterste ry va jong hotnos. Heel voor staa Angeliep Stewe, die skoolmeester. Agterruit-agteruit staat hy troei tot so 'n graaflingte vannie kopklip af. Toe beduie hy hokai vir sy agroppe. Hulle sta stil sonner lat 'n o-lid bewe. Net die flinters om hulle basse roer meddie wind saam so lit hulle okie anners ko gestaan h't as wat hulle gestaan h't met hulle se hanne styf immekaar warie broeke se gjulpe moet gesit h't nie.

So sta hulle met hulle se plat neuse sus dié ve lappoppe en hulle se wit oo sus pejameknope wat omkeer daarop vas-gewerk is.

Hulle stáán stil, maar Angeliep Stewe wys met sy plat hanne: „Doodstil”, voor hy die gebranne resyntjieboslát oener sy linker blad uittrek. Allie knope draai meddie stok saam tot skeuns bokandie meester se kop. Hulle sta-nog allie tyd doodstil, maar mit sy linkerhand beduie hy „ge niks anners as doodstil nie”. En tóe eers lyk die hotnot tevrede, want hy beduie met altwee sy hanne „ditsem”, meddie platte en meddie een meddie stok. Ek dog eers hy segen hulle, maar wat lat hy gemaak h't sillik nie weet nie, want wat ik nog so sta-e-kyk was sy hanne nie meer daar nie, ennie agroppe se gesegte nie meer plat nie. So uidie hensop h't hy hom op 'n bonnel gepluk

nes of hy 'n gewellige spring wou spring. En h't was meddarieselle pluk lat dit lyk of elke agrop se onnerkakebeen met 'n wipdraad an sy hanne vas was, want jy kyk in hulle se pienk kele. En sowat va sing laddie woorde op 'n vyf-ses note laans tara en allie draaie volhardloop waarlaans suffel hotnoskele dit ja bo-oor Adim se graf en tussen-ie mense en die ghabbas deur en bo-oor die Hoedoep die rante in, dit hettik nie gedink nie.

Waar't darie lied sy draai loop maak h't, of die woorde hulle lê loop kry het, sil ge mens weet nie. Waddie woorde gesê h't, weet ik nie, maar anie wysie ko ik hoor dis hulle se „Hoe zal 't mij dan, o dan eens zijn.”

En jy ko hoor dis vir Adim Neinabas wat hulle dit sing — vir ge anner mens nie. Met ontsag het hulle daar geparedeer emmet mening h't hulle gesing, want hulle h't geweet! Janee, verkeerd moes daar niks geloop h't nie, of ou Neinabas sil, as hy net ko loskom uidie aarde uit, sommer meddie wegloop — want staan sil hy nie gestaan h't nie, want alles wat hy vir 'n hotnosmens te sê had, had hy innie loop gesê —, sommer meddie loop saam daar uidie graf uit sil hy gesê h't, finaal en klaargepraat sil hy 't gesê h't: „G'n getrektery hier op my begrafnis nie, gehor?” En hy sil geepad h't, in hulle sil gesing h't, in stilgebly h't, in hom later oppie werf gekry h't waar hy sy omstane maak oenerie slapranthoed wat tussen hom ennie sononder sit. Want Adim wis nooit waar siddie son nie. Hy had gewoel tot die donker die troffel of die pik skeef gestoot het. Dan h't hy sy hanne, voete en geseg by die krip loop was ennie water kaalhand van hom afgestroop en by die huis orie tafel meddie elmboog laansie bord ennie hand vorie oo gezegenheret gee'onsete latons nemmeruvergete-amen vir wat ou Mara ten tafel had. En assie laaste vurk bordkry, h't hy oorgeleun muurkas toe ennie Bybel gevat. H't nooit gesukkel met leesplekke nie want hy sil tog wil gesê h't die hele Bybel is vol leesplekke. Miskien sil hy een blaaitjie omgeblaai h't. Dan lees hy tot sy asem op is, pirtykeers twee blaasbalke vol, voor hy opstaan ennie Onsevader bid. Dan leun hy weer oor muurkas toe en siddie Boek waar hy hom môre-aand weer sil bykom. Direk uidie stoel h't hy sy pyp gelaai, sy hoed opgesit en bydie agterdeur uit sy draailooppaaitjie gevat tot bo-oppie rantjie. Daar h't jy hom vroe-aand kon kry — die enigste wat jy Adim Neinabas rustig sil gevind h't. Daar het jy hom jou vrae ko vra. En hy sil tussen hom en sy pyp deur alle prate uitgesels. Hy sil sy pyp versegtag innie donker neersit laddie kool nie uitwaai nie en innie donker dan voel-voel 'n klip soek en klaarmaak eer hy weer sy pyp vat, allietyd praat-praat, en sy broek optrek en 'n bakentjie pak om op te sit. Dan ke jy geluister h't.

Daar het hy suffel ane vir my sy storie vertel. Uidie Kelonie met sy eerste vrou en kind, donkiewa en 'n handjievool vee. Op deurie land getrek al oenerie Karasberre laans, verby tot

dóer bo, waar jy jou agterint nie kin roer nie of jy sleep 'n hakbos met jou saam. Dis ok daar warie koors saam met hom innie-selle watent kom boer het tot net hy allenig oorgebly h't. Toe's hy met 'n draai saam hierie kontereï in. Ok maar agterie watertjies aangetrek; later al meddie Hoedoep saam tot einste daar waar sy huis nou staan. Daar sien jy toe glo net hotnot laansie stroom oenerie fantein!

„Etsê, waar's die beste deel van hierie land?” vra hy toe vir hulle in hulle se eie taal wat hy toe hoeka opgetel h't met die trek saam.

„Daar waar Oubaas die meeste hotnos kry”, seg hulle vir hom.

„Span uit!” seg hy toe vir sy handlanger. „Ons is nou op darie plek; dis hy hiérie.”

Vannie vollene dag af h't hy beginne werk. Klippers vir 'n veekraal en 'n bokhok. Daarna 'n huisietjie solat hy weer ko vrouvat wanner hier eendag 'n trek verby kom.

Alles had hy vinnig gedaan; innie draf gedaan, ke jy sê. Daarom heddie hotnos hierie plek verdoop tot Neinabas — dis nou *drâfstap* in onse taal. En daarom had hulle toe ok maar gou meddie loop vannie Hoedoep saam weggetrek, want werk lus hulle nie. Net meddie oorlog had hulle truggekom want roof en plunner was tē lekker. Hulle h't als weggeja wat Adim deurie jarre se jarre bymekaargespook h't. Maar hulle h't nie almal kon saam slag an sy vee nie. Sy mouser had die môre ná hulle sy goed kom wegja het, reguit loop praat waar hulle die nag nesgeskop h't. Darie moed had hulle nie verwag nie: lat dié man op sy eentjie hulle sou stormloop nie. Marrie petrone was op vorie laaste woord. Daarom lat hulle vedag hier kom sta sing h't. Enewil, die hotnos was teveul en hy moes sonner skietgoed en sonner vee omdraai.

Tog had g'n hotnotkoeël darie dag en allie dage daarna aan sy bloed geproe nie. Daarom dink hulle hy's getoor.

Darie oorlog is 'n storie wat ik nie wil vertel noulat hy dood is nie. Nooit had hy gedink 'n hotnosmens is 'n mens nie, tot Ou-dominies vir dagelank met hom kom stoei het oor dié dink van hom. Toe seg hy einelik: „Hier's klip genoeg as hulle self sil 'n senningskool maak. Ek sil slaggoed en water gee.”

En so's dit nou lit hier vedag die eerste witman ingelê is in Neinabas. En dissie eerste laddie senningkoor voor witmense sing. En dissie eerste keer lat hulle vir Adim Neinabas ko bykom om vir hom te sing hier op sy eige plaas.

Hoedul versies hulle gesing h't, weet ik nie, maar toe 'k agterkom was alles stil en Angeliep Stewe h't vir Ou-dominies gekyk. Niemand h't gepraat nie.

Toe vra die hotnot vir Ou-dominies: „Ken ons maar nog sing virrie oubaas se begrafnes?”

En dis waar Ou-dominies die fout gemaak h't. Hy seg toe ja die senningkoor ka maar nog sing. En toe't die hotnot se resyntjielat eers reg-reg sy seil met die spoor vannie lied saam gekry. Hulle kô nou nog daar sta-e-sing h't, want ik ken 'n hotnot assie singgier hom beetskry. Of 'n senninghotnot nes 'n annereen is, weet ik nie, mar dit lyk my anie singery se aanhou so. Miskien was dit ok nie 'n fout nie. Ik weet nie. En of hulle oppie senningplek die meesters meddie stok moet leer voorsing, weet ik ok nie.

Maar hulle hét gesing. Pirty goed had ik nog nooit gehoor nie, helemal vrinne duintjies, maar anner kon ik uit die wysie eigen. Sus Adim va sy opstaan af net gedraf h't en net aanhou geken h't, so't hulle gesing: die een lied uit ennie anner lied in solat hulle later nie meer gewet het waffer lied die stert vannie begrafnis sil wees nie. Begint lyk my is niks, marrie ophou wassie ding. Wie kevir hulle gesê h't so dis genog? En hoe moes hulle self gewet h't? Daarom h't hulle toe seker vemaddag alles vir Adim op sy pad agterna gesing van wat hulle hier op Neinabas kom leer het. Maar dit h't ik nie alles gehor nie. Ik h't loop inspan en ry, want hulle ko venaand bokwerkyd nog daar gestaan h't.

Maar dis okkie al nie. Ænie Levenson se roosblare, wéét ik, is 'n bogtery. Ennie kis was geldmorstery. Maar vir Angeliep Stewe-hulle moet'k nog bedink. Hulle h't nooit self 'n mikstok vir water gesny nie; 'n stok vir die lied — dis al. Putgrou sil hulle nemmer. Hulle se werk wat jy nou kan sê wêrk was honnerde jarre lank miskien 'n vuurmaakhoutjie aandra en verder dié soort kossie soek wat nie sy lyf skraalhou agter 'n pennie nie. As hulle Adim was — darie een vannie Bybel — had hulle nou nog innie paradys gesit. Want g'n duiwel sil 'n plan teen die paradys se baie kos ennie koelte van sy bome kon gebedink h't nie. Dis hulle se sterkpunt dié. Omdráf sil hy sy dae nie; sit, jarrelank, sonner sonne en sonner eelte innie hanne. En dis nou dié ding wat vir my laat loop inspan h't: hulle't geleer sing voorlat hulle geleer werk h't. En hulle sil hemel toe gaan sonner lat hulle soos Vader Abraham 'n enkele puts gegrou het.

En nou sil hulle aanhou sing waar Adim opgehou puts grou h't. En wie sil vir kos sorre? En vir wat sil hulle ophou sing? Dis mos lekker. En wie sil sê hulle moet ophou sing? Dis mos mooi.

Dis dié lat ik loop inspan en ry h't. Hulle sou wil later asem geskep h't. Miskien moet hulle ok maar aanhou sing; ik weet nie. Want wat het Adim van al sy hollery en grouery? Dro putse en roosblare. Ennie roosblare h't hy nie eers uit sy eige tuin nie. En virwat h't hy deurie banke getonnel agterie

ou-fantein an? Lat sy veeëns kô suip laddie hotnos ke sing?

Maar wat sil hulle môre doen, en oormôre, en annerweek, en annerjaar? Hulle ka dannet sing bydie begrafnis vannie man meddie eelthane.

En ik wat sus Adim ok op my manier my omstane maak en my holle hol om my goed te versorre, en wat nog nooit my kop laat kussing kry h't sonner lit elke boklam sy pens dikgesuip h't nie en sonner lat my skaap algir innie kraal is nie; ik wat altyd gloof had in my hanne lit hulle vir my mense sil kosjee, en wat hierie ou plaas kom skomaak h't — wanneer laas hêjy hier 'n jakkals hoor skrou, of loop dooiskaap uidie kraal uit gôi as die luiperd kom bloed suie h't —, ek wat hier tussen-ie gifgoed kom intrek h't sonner lattik bang was, sonner lat één my gebyt h't, ik sil ok oenerie grond in, sonner lattik self suintoe gegrou h't, ok oenerie roosblare en grond my nie kin roer wannerie senningkoor sy end nie kry nie. Wat moet'k doen solank ik my nog kân roer? Vir Ou-dominies sê „hier's klip genog; verskuif-ie senningskool”? En moet-ik aanhou woel op my manier sus Adim op syne om ons nie ke stilsit nie?

Is ons ou-soort gemaak virrie werk wat sil ophou assie lewe twansie sussie fanteine? En as ons self sussie water diep innie klip truggetrek h't, sil daar gesing worre bokant, nes wat die weswind sy stof vee oor allie ou-waterplekke wat self ke gesê h't „soja”?

Virwat lit ons hiér ingetrek't weet ik venaand nie. Net om van vooraf met 'n nuwe land te kom beklei solank hy nog vars was, solat jy kô weet as jy sy waters oopgeslaan h't lat jy gewen h't? Wat h't ons gewen — waters wat opdro? Of h't ons waters gemaak om singkele klam te hou? En allie dro putse? Ons wat aanhou grou tuinie aarde wat aanhou klippe pleks van water gjee, waar had ons voor gegrou? Ons ou-soort wat om die grou gegrou h't om ons nooit genog water had nie, maar tog altyd kan gelewe h't, waarvoor allie gegrou? Dan had die hotnos hoeka die resepe gehad; hulle trek agterie waters an wat hulle kin, of hulle kom sit by die gemaakte water. Hulle sóék g'n water nie, en hulle héddit alliepad. Ennis hulle wat sing ennie weet wannier om op te hou nie.

Wie't wat — hulle mit hulle se gesing of ons met ons se gegrou? Adim Neinabas lê binne-in Neinabas se klip venaand. En Angeliep Stewe sing soos die weswind die rante vol. Wat help die oop fantein as niemand wil bokwerk nie? Wie sillie resyntjielat se lekkergeit los ennie jomper vat as koorkele makliker oopgaan assie waterbank? Maar wat hêlpie jomper tog? Adim Neinabas lê venaand self 'n natkol innie dro rand se punt . . .

TWEEWÊRELDVOËL

Seepsteenvoël met bladgoud op die vlerke,
graniethoeder op die hoogste kanteel,
starende houtvoël van die loom riviere,
tweewêreldvoël!

Wanneer September allerlei pamflette uit die ahorn skud,
die kastaaiing sambreelspeke in die misbank oopstoot,
sy stam omstapel deur vermolmde perkament,
wanneer silwerige swamme, perses met rooi lamelles,
dooiergeel gekarteldes, baksteenrooies met wit titsels
orals tussen mos en sparnaalde uitknop
in newelsprokies, voorbodes van die heks met die horrelpoot,
en die prins in die ou toring sug
oor 'n pand en van sleutelblomme droom,
dan styg die voël op van die wapenskild,
Hy vlieg tot anderkant die wêreld se einde
waar hy die oudste van die ou meide groet
in wie se mond die elande wei,
in wie se neusgate die kleinvolk skuil
as die weerlig se aalwyn oor die nagemel rits,
aan wie se tepels die pofadder kom suip,
op wie se skoot die halfmens staan en kyk
na die dowwe rantjies op die einder van die wêreld.
En met styfwaaierende stert- en vlerkvere
land die aankomeling dansend op sy stelte tussen die peper-
korrels,
tevrede tuis in die vaal en vuurbloou van die terra incognita
secundum ptolemaeum.

LIED OM DIE SOMER AAN TE JA

O, ek wens en wens dat die somer my soen
op my meeldradewimpers. Ek voel kompleet
oumenslanggesig met die slaprandhoed van die rookmis
af tot byna op my bolip gesak.
Wanneer die middelste boom se voëlfluithart
begin te klop in sy ribbekas, te klop-klop
en te kwinkeleer, te kwetter: tjir-tjir,
dan kom die madeliefies trillend tintelend staan.
Ek maak die nag se onderroksoom so effentjies korter
en poets die skoene van die langbeendag
vir haar hupse loop op die blarepad.

VIR LAASTE JARE

'n Voorsorgfonds van oopgebarste granate se gebrandskilderde
glas,
en die saamkyk na plasse reën in die strate van die hart,
oomblikke, soos die broodboom lukraak, met stroop en
beswerings
ingelê vir die mooi op die spensrak,
gebêre om lepeltjie vir lepeltjie te eet
in die koudheid van ons uitgespaarde grysheid,
rente om te ryp op die solder:
kom ons sit hierdie oggend in sypapier
in ons dikste woordeboek. O,
ons woorde gaan soos freesias geur!
Die aand smaak na dennepitte, die aand ruik na rivierklippe.
Vrank proe die laaste lig, en soet.

DIE VRESE VAN MY KINDERDAE

Die genietinge, opwindinge, die lewenslus en die kommer-vryheid van 'n mens se kinderdae ontvou voor jou oë soos 'n rolprent waar hier en daar swart kolle voorkom; en dié kolle is gewoonlik deur klein onbenullige dinge veroorsaak, maar wat lang, lang gelede vir 'n kind die verskriklikheid self was.

My vrees vir sekere dinge, mense of gebeurtenisse onthou ek asof dit die dag van gister was.

Vrees vir die vreemde man met die groot, swart snor, wat my portret moes neem onder 'n swart doek ingekruip en allerhande geheimsinnige dinge daar aangevang het. Vrees vir my Ouma in haar swart rok, kant-mantel en mussie op haar grys hare, wat 'n stuk of ses kinders, wit en swart, behalwe haar eie kroos grootgemaak het, maar my nooit geliefkoos of pamperslam het nie. Vrees vir die see en die geweldige branders hoog soos berge wat op 'n meisietjie afgestorm het om haar te verpletter. Vrees vir die bergpas wat ek moes deur ry in 'n kar en vier perde toe ek saam met Vader deur die Langeberg na die Klein Karoo gereis het. En vrees vir die inspekteur, daardie deftige vreemde man wat 'n taal gepraat het wat ek nie goed kon verstaan nie, en wat die mag had om 'n kind 'n jaar langer in Standaard Een of Twee te hou.

In my dae — ek hou baie van hierdie uitdrukking, dit tower vir my op waardige ou dames wat op harde stoele met stywe rûe hul omgewing met onbuigsame blik sit en aanskou — ja, vanmelewe het mense nie notisie geneem van 'n bang kind nie. Ek moes nie, mog nie vrees *wys* nie. As die aakligheid my pak, moet ek *iets* doen, maak nie saak wat nie, om myself uit die verknorsing of penarie te red. Gedurende die vroeë neëntigerjare was selfbeheersing die een groot vereiste, so nie die hoogste menslike deug, het dit my soms voorgekom.

Ek het die geluk gehad om in die laat tagtigerjare die eerste lig te sien op 'n plaas aan die voet van die Langeberg in die distrik Swellendam. Dit was 'n kalm, rustige wêreld waarin ek my verskyning gemaak het. Geen motors het oor die paaie gejaag, geen vliegtuie deur die lug gesweef, geen draadloos op elke hoek of in elke huis God se stilte wreed versteur nie. Die soet sang van voëls in die bloekombome, die fyn geblêr van 'n lammetjie iewers op die werf, die bulk van 'n koei in die kraal, die geheimsinnige skril geroep van kiewietjies in die laat aand, was die eerste geluide waarvan ek bewus geword het.

Min rede vir vrees, sou 'n mens sê. Maar die vrees was daar nietemin . . . My eerste vrees het my gevang die dag toe my ouers ons kinders na die dorp gebring het om ons portrette te laat afneem. Die dag het vir my nogal goed begin. Ek was vier jaar oud. Terwyl my susters in hul kisklere gehoorsaam

op stoele sit en wag vir my ouers om alles in die haak te bring vir ons „groot reis” dorp toe, pronk ek, ongehoorsaam — in my beste roomkleurige kassiemierrok met manteltjie wat met 'n satynlint onder my ken vasgemaak is — voor Aia Griet en Onverwag rond.

Aia Griet was ons geliefde kok, kindermeid, wasmeid, ons alles en wat nog; en Onverwag my Ouma se handlanger-Boesman-Hottentot-seun wat sy grootgemaak het, wat sy streng beheer het maar wat haar soms goed kon flous. Onverwag! Ek meen Ouma het hom dié naam gegee omdat hy so onverwags sy blye intrede tot hierdie ou wêreld gemaak het. Selfs haar ervare oog het haar gefaal en die eintlike tyd van die ontydige bevalling van haar sewentienjarige binnemeidjie verkeerd bereken.

Ek praal en pof my uit. Ek kom met allerhande kaskenades voor die dag; en dit lyk asof my gehoor — my drie susters, Aia Griet en Onverwag — dit eweveel geniet as ek. Maar my triomf is van korte duur. Toe die groot, swaar, vreemde man met die dik ontsagwekkende snor onder die yslike swart doek inbuk, begin ek skree soos 'n malmens en het dit baie mooi praat, heelwat gesus en gestreel, suikerklontjies en die belofte van 'n voëltjie wat sy verskyning onder die doek sou maak, gekos om my eindelijk tot bedaring te bring.

Maar watter vrees had ek nie vir my Grootmoeder nie, daardie strenge ou Voortrekkervrou uit Natal in haar lang swart rok en swart kant-mantel! Hierdie vrees het miskien gedeeltelik gespruit uit die feit dat ek geweet het sy kon 'n dier op 'n knapper, meer ervare manier doodmaak as 'n man, en dat ek die slag van enige dier verafsku het.

Ouma het geen „nonsies” van ons kinders verduur nie. Oor ons het sy met 'n ysterhand regeer. Net Onverwag, soos ek reeds gesê het, kon met sy vindingrykheid, sy blitsvinnige aanpassingsvermoë, haar kul of haar proppers 'n streep trek. Ja, vir Ouma — die woord Grootmoeder met sy assosiasie van gesag, strenge prestige, het eintlik baie beter by haar gepas — was ek so bang soos 'n haas vir drie skote bokhael. Net een keer het sy my enige simpatie of die geringste teerheid bewys.

As 'n gevolg van my ongehoorsaamheid het ek 'n lelike stel afgetrap. Onverwag het my kom sê daar is klein katjies in die hoek van die krib en toe ek die donker stal binnestap, gewaar ek op 'n afstand die groot masjien wat voer sny. Ek mag nie met Onverwag speel nie — dring die ou verbod hom weer by my op — en ek mag nie naby daardie snymasjien gaan nie!

Die stal is baie donker en 'n ligstraaltjie deur 'n enkele vensterskrefie val op die staalskyf wat die ratte aan die gang sit as die groot wiel draai. Skielik pak 'n onweerstaanbare drang my om aan daardie einste ratte te vat, en ek lê my voorvinger uiters versigtig op een van die ratte. Juis op dié oomblik kruip Onverwag heeltemal onverwag onder die masjien deur, sit só die wiel aan die gang en die rat druk my vinger plat.

Omdat Mammie nêrens in sig is nie, hardloop ek na Ouma; en kry van haar, tot my verbasing, simpatie, trooswoordjies, liefdebetuigings en 'n onmiddellike behandeling vir die aaklige wond. Dit maak nog altyd seer, maar ek byt op my tande; en ek verklik nie vir Onverwag nie wat, weet ek maar alte goed, 'n duiwelse pak slae sal kry indien ek . . .

Maar die grootste vrees van my kinderdae was seker die see waar ons elke somer 'n paar weke deurgebring het, en ek elke dag moes gaan baai saam met my ouers en ander familie. Daardie yslike brander — spesiaal vir my bedoel, het ek altyd gedink — rol my dawerend tegemoet, doem nou hier voor my op soos 'n skrikwekkende blouwit krans, stort dan op my af, ruk my flaneletnagjurkie (wat my as baaikostuum moet dien) oor my kop, stamp my onderstebo en smyt my, half-doodgeskrik en asemloos, op die strand met my oë, ore en mond vol nat sand en soutwater.

Ek is tagtig jaar oud, swem nog soms te Onrust. Die ou beentjies is nie te sterk nie, die blouwit branders kan nogal krul bo my, maar ek is nie so bang vir hulle nou soos destyds nie.

En my vrees vir perde . . . Dié het ontstaan toe my moeder — wat vir niks bang was nie — jong, baar perde wat nog nie getem was nie, voor die oop kar laat inspan, haar seun en drie dogters opgelaai en toe goedsmoeds by ons bure gaan kuier het. Daardie jong perde, het ek altyd gedink, het die lelike gewoonte om sommer skielik, sonder waarskuwing, op hul agterpote in die lug op te steier, of ewe plotseling weg te spring soos 'n hond agter 'n patrys aan; en my broekie bewe van die angs. Daardie mal perde — kyk net hoe waai die skuim uit hul bekke! — kan op loop sit met die kar, die ellendige kar kan omslaan, en dan lê ons kleinspan hier dood of vermink in die veld . . .

Dieselfde vrees het my gedagtes vergal wanneer ek met Vader in die kapkar deur die nou en styl Tradouwspas gery het om by 'n tante in die Klein Karoo te gaan kuier. Daardie eindelose bergpas is so vol gevare . . . Die perde kan vir enigiets skrik — 'n bobbejaan of 'n muishond of 'n slang, selfs vir 'n ou skilpadjie — haarkant toe spring, en daar slinger ons almal die afgrond in! By ons aankoms op die pragtige Karoo-plaas met sy sierlike opstal, sy kabbelende watersloot voor die deur, sy groot moerbeiboom, en sy goed versorgde vrugteboord, is al my angs en benoudheid egter gou vergete.

Die inspekteur se besoek aan ons plaasskooltjie eenkeer in die jaar was nie 'n gebeurtenis waarna een van ons skoolkinders uitgesien het nie. Hierdie man het altyd so 'n indruk op ons gemaak, sy koms was vir ons so 'n nagmerrie dat sy jaarlikse besoek skaars agter die rug was of ons arme kinders begin alweer die bewerasie kry oor sy volgende besoek. Selfs ander mense vir wie die inspekteur geen figuur des onheils

was nie, kon hom nie vergeet en wou jou om die dood nie toelaat om hom te vergeet nie. As jy die onderwyseres dalk vererg met swak of slordige werk, herinner sy jou sommer op die plek aan die inspekteur. „Wat sal die inspekteur van sulke werk sê?” vra sy dan verontwaardig. „Een van die mooi dae is hy weer hier — en dan loop jy deur! Onderdeur . . .”

Die deftige meneer was vir ons 'n volslae vreemdeling, het net Engels gepraat, 'n taal waarmee ek elke dag soos Herklaas met een van sy reuse-take moes worstel en met die klank van wie se woorde ek nou ten enemale nie gewoon kon raak nie. Een jaar het my vrees vir die man my in 'n groot verleentheid gebring. Ek staan daar, arme plaasdogtertjie, verbluf voor die groot Engelse meneer uit die vreemde stad afkomstig; hy toets my mondelings, ek het 'n tamaai vuurwarm Engelse artappel in my mond, my beentjies begin bibber — en hier tas my senuweeagtigheid my liggaamlik aan. Ek is te skaam om die inspekteur te vra om die kamer te verlaat en my senuweeagtigheid bereik sy hoogtepunt.

Ek kan nie vlug nie, ek staan daar soos vasgenaël, en ek kan nie meer hou nie. Toe ek later grond toe kyk, merk ek die stroompie water het om my voete versprei om 'n soort patroon, wat amper die vorm van 'n klein vasteland aanneem, op die vloer af te teken.

Die ander kinders het my daardie poeletjie nooit laat vergeet nie. En die skande wat my kindervrees my in beland het, het ek langer, baie langer onthou. Maar daardie lang, skraal vreesinboesemende inspekteur was „een zeer nette heer” of, soos die Engelse sê, „a perfect gentleman”. Daardie vastelandjie het ewemin indruk op hom gemaak as my maatjies se giggelende gesigte of die landkaart van Suid-Afrika teen die muur.

Hy het 'n vriendelike glimlaggie gegee, omgedraai en homself met iets anders besig gehou.

PIETER DU PLESSIS

NOU DAT HY WEG IS

Nou dat hy weg is, het dit nie stil geword.
Skynbaar weet die wêreld nie van sy dood nie,
en die lewe gaan sy gang.
Die verwarde blik van 'n volk se skrik is verby.
Die mierstreep na sy graf is verby.
Die toesprake het stil geword.
Wie sal in die stuwing van die tyd
nog aan hom dink en hulde bring?
hom wat in hierdie tyd, in hierdie beskawing,
bo die banaliteit van elke elke-dag
so hoog en eensaam kon beweeg,
sy volk en land so fyn kon voel
en met 'n vaste blik kon wys wat kosbaar is,
en self ook nederig was.
Dat hy ook broos was
is deur die bese daad bewys.
Bly is die wete dat hy gesterf het,
nie deur suiwer nyd en haat,
maar aan ons tyd:

— Iewers in 'n vlamwitsel
omring deur arts en medisyne
sit 'n man swaar met paranoia,
die waansin van ons tyd.

DODEDANS

Vlermuis, vlermuis
teler en brood,
kruip net uit
dan slaat ek jou dood.
Jy, poliep en pansofaag,
splytswam en hormoon,
teel in skeur en in koraal
'n bedding vir die anemoon.

Vlermuis, vlermuis
teler en brood,
slaat ek jou dood
dans alles dood.

KINDERSPEL

Stadig, pynlik stadig
het ek my dorplandskap gebou,
kompleet met elke huis en boom,
die mark, die parkie en die skool
tot selfs die kerkie met sy klok.
En voor ons huis se deur
het ek my ma en nooi geplaas
en by die hek ons hond.

Toe, met gebalde mond het ek gegrom
en swaar en grof my bomwerper
oor die dorp laat vlieg,
en alles fyn geskiet.

TEN HUIZE VAN MARNIX GIJSEN

„Ik leef hier als een soort kluzenaar,” vertelde Marnix Gijzen toen ik hem te Brussel bezocht.

Indien hij daarmee bedoelde dat Jan-en-alleman geen toegang hadden tot zijn verblijfplaats, dan ben ik het met hem eens — het is inderdaad nogal moeilijk om hem te bereiken. Wanneer mijn gastheer echter bedoelde dat hij zich de geneugten van het leven en de moderne beschaving ontzegt, dan zou ik hem moeten weerspreken.

Het gezellige interieur, zijn charme als gastheer teenover een onbekende en de gedistilleerde aroma's van het „Vat 68” droegen hun steentje bij om mij gerust te stellen.

De skryfver zat aan mijn kant van de skryfjtafel, overal lagen en stonden er boeken, ook Afrikaanse. Zijn meesterwerk: *Joachim van Babylon* dat in het Afrikaans vertaald werd was er ook.

Na deze kennismaking begon de bandmachine te draaien. Vraag: In „Ik sta voor de spiegel” wordt beweerd:


„Ik heb met die persoon daar in de spiegel niets, maar ook hele maal niets uit te staan.” Vindt u het skryfven van een kunstwerk een tegennatuurlijke daad? Zoudt u zeggen, die kunstenaar als zodanig is een vreemdeling voor de mens in zichzelf?

Gijzen: Integendeel, ik meen dat die kunstenaar een soort van verhoogde personaliteit is die die moed heeft te zeggen wat hij denkt en die in die naaktheid van zijn woord — om mezelf te citeren — voor die andere treedt. Hij neemt dus een risiko en dit kan beloond worden doordat die mensen het goed vinden of niet goed vinden. Het is dus helemal niet tegen-natuurlijk, die skryfver is een man die meer spreek dan iemand anders, die wil sprek en die niet zwijgen kan.

Vr.: Denkt u dat het hedendaagse proza met die onverbloemde verwijzingen naar anatomiese en erotiese bijzonderheden een winst is of is het moeljk een ziekte-teken?

Gijzen: Wel, het was misschien wel noodzakelik dat die dinge eens gezegd werden, maar er is zo weinig variatie dat het na een tijdje allemaal vermoeiend wordt, tenminste wanneer men er niet persoonlik mee gemoeid is. Ikzelf heb daar nooit een noodzakelikheid voor gevoeld omdat ik tenslotte meer een romanticus ben dan wat anders. Al die anatomiese bijzonderheden interesseren mij matig, zolang ik er niet persoonlik bij betrokken ben . . .

(1) Die skryfster het onlangs haar geboorteland, België, besoek en namens „Tydskrif vir Letterkunde” 'n onderhoud met die skrywer, Marnix Gijzen, gevoer.



Mannix Gijzen

Vr.: Denkt u dat de westerse wereld, zoals het uit de kunst blijkt, heel veel in het goede en het idealisme verloren heeft?

Gijsen: Inderdaad de schrijvers en de meeste mensen die in de mode zijn of trachten te zijn proberen zo cynisch en zo anatomisch en zo plat mogelijk te schrijven. Dat is niet mijn houding. Ik denk dat er toch nog een zekere verheven kant aan het leven is, een romantische kant — ik ben misschien de laatste romanticus die in Vlaanderen nog schrijft — maar ik vind het absoluut niet nodig om zo plat bij de grond te zijn. Het helpt niemand, het brengt u niets bij. Ik weet nu wel dat de rest misschien ogenbedrog is of fantasie misschien: maar de wereld is zo denk ik, dat we het nodige moeten doen om alles zo draaglijk mogelijk te maken.

Vr.: U heeft eens over de Afrikanen (mensen v. Afrika i.h. algemeen) gezegd, dat u het jammer vindt dat het lot van de wereld niet meer afhangt van het cynisme van de oude volkeren — maar wel afhankelijk is van de pretentie van staatkundige parvenu's. In welk opzicht is cynisme toch wel een behoudende factor of dan een teken van gezonde beschouwingen?

Gijsen: Wel, misschien heb ik me slecht uitgedrukt en had ik in plaats van cynisme over realiteitszin moeten spreken. Het zit hem zo dat ik jaren in de verenigde Naties geweest ben en daar zag ik de Afro-Aziatische mensen aan het woord komen met een fantastische pretentie-zonder-grond, zonder werkelijke back-ground, voor wat ze zeiden. Daar werd ik dan wel een beetje ongerust van, om te bedenken dat de rest van de wereld afhing van Marx-brothers zoals ik het uitgedrukt heb. Ik begrijp best dat die mensen die de jonge staten vertegenwoordigen, dat die zich tamelijk luidruchtig en agressief uitspreken en dat de mensen van de oude beschavingen voorzichtiger zijn en misschien cynisch kunnen klinken, maar zij hebben toch een realiteitszin, een compromis, een status quo of een manier van leven die het de twee partijen ongemakkelijk maakt m  ar die het leven toch draaglijk maakt.

Dat heb ik zelf ook altijd betracht, toen ik met die mensen omging.

Vr.: U heeft een lange ervaring van Amerika en die Verenigde Naties, wij in Zuid-Afrika worden aangevallen voor het geen wij in alle eerlijkheid geloven de beste oplossing is. Het blijkt alhoemeer dat de recepten van Afrika en Amerika toch niet zo goed werken als bij ons. Heeft u goede raad voor een klein volkje dat onophoudelijk aangevallen wordt en vals beschuldigd?

Gijsen: Ik heb om te beginnen helemaal geen ervaring van wat er in Zuid-Afrika omgaat. Maar ik weet wel dat vrienden

van mij die er geweest zijn die het land kennen — vooral mijn vriend Gresshof die er nu al zoveel jaren woont — dat die een zeer genuanceerd oordeel hebben. Er wordt mij gezegd dat de Zuidafrikaanse politiek een wanhoopspolitiek is, dat kan zijn. Ik ben me wel bewust van de grote problemen die in het land bestaan zoals ik mij ook bewust ben van de grote problemen die voor de Amerikanen bestaan in de Verenigde Staten. Ik geloof niet dat men er een zwart-wit oordeel kan over geven. Ik zou dit trouwens nooit doen.

Natuurlijk ben ik niet een vriend van de apartheid, dat moet ge begrijpen. Als ge vertrekt van de Rechten van de mens dan kunt ge dat niet aanvaarden. En het feit dat men van iemand zegt dat hij minderwaardig is omdat hij een ander kleur heeft, is voor mij natuurlijk onzin. Maar, ik begrijp best dat er een discriminatie bestaat op sociaal gebied. Als ik in een tram zit naast een meneer die zich in drie maanden niet gewassen heeft, dan ga ik op een andere plaats zitten, ik discrimineer tegen hem omdat hij niet van dezelfde levensstandaard als ik ben. Dat begrijp ik best.

Maar ik ben niet ingesteld om daar een oordeel over te geven. Ik begrijp best de grote moeilijkheden en — ja de toekomst zal uitwijzen wie het recht pad gekozen heeft. Ik ben geen profeet.

Vr.: En hoe gaat het met de inspiratie van de schrijver? Zijn er nieuwe werken aan het komen?

Gijsen: Wel, sinds ik een ambteloos burger ben, en dit dateert van 1 Januari, ben ik zeer vlijtig geweest — want vroeger schreef ik alleen 's nachts, na mijn besigheden. Maar nu heb ik tijd té over en in januari heb ik een roman geschreven, in februari een toneelstuk — het eerste van mijn leven — in maart heb ik me met iets anders bezig gehouden. Ik ben dus druk bezig en zal de productie opdrijven omdat ik denk dat ik misschien nog het een en ander te zeggen heb.

Zolang men naar mij luistert zal ik voortgaan.

FREDA PLEKKER

GESPREK IN DIE DONKER

Nag,
waarom kan niemand òm jou loop nie?
Omdat ek die wêreld op my skouers dra,
sê die nag

Nag,
waarom struikel jy nooit nie?
Omdat hy, wat eenkeer met sy kop
teen 'n ster geleun het
nooit weer struikel oor 'n klip nie,
sê die nag

Nag,
waarom jaag jy die son weg?
Sodat mense in die donker kan terugkeer
na die paaie van hulle gesigte,
sê die nag

Nag,
waarom dra jy 'n suiderkruis om jou kop?
Omdat die suiderkruis uit sterre bestaan,
sê die nag

Nag,
waarom huil die biesies harder in die donker?
Sodat die reënwind kan vasloop in die aalmoesholtes
van hulle kele,
sê die nag

Nag,
waarom jag uile in die voue van jou jas?
Omdat blinde wysheid sy prooi net kan bekom
in angs van die donker,
sê die nag

MADELIEFIE

Ek het jou gepluk
toe òu skaduwees
op hul elfuur-kieries leun
toe jy lag
omdat die son se wegs-kram-bal
nie in die reikhalshande
van die bome wou val
onder die verlate vinknes van die winterlug
het ek jou gepluk
en my verkleumde oë
diep in die droewige vreugde
van jou bors gedruk
waar jy die lanferkring bewaar
van oë wat elke dag
na die son moet staar

kom skemer
het ek weer oor jou gebuk
en moes ek met deernis merk
hoe jy jou geel verweer
soos blare tõe kon vou
om nag se skadu's
uit jou hart te hou
en aan jou gekerfde wang
rif op rif
die goue vleuels van jou drif

sou ek kon slaap
sò
met alle poorte dig
en al my sleutels toevertrou
aan 'n ronde sleutelring van lig

A. KLOPPERS

BOSVELDBOKKE

As die môre oor die berge kring
en teenkring glans in water,
slurp ons die koel kuil deur ons keel
en bly gevange in die waterspieël.
Daarna, as water drup
van bek en been,
verlos uit elke bos
en gras
en roering
skriller vrees . . .

Geen vrees of skrik
kan bindend wees
teen Sy bevel,
waar ons in eeue
nog verstrik raak
in 'n ghwarriebos;

en horingloos bly
spartel ons
die slaggoed van die bos.

BESINNING

Alles in geheim gevang —
kokon, koue kalmte
van 'n tak,
deursigtig amper
tot die pit
en jaarring oopgevlak . . .

GEBED

Ken my in
koel kringe
van my jeug
se eenlingskap
O Heer!

Ken my
waar jare
ryp en kringend
ewewydig
met dieselfde ek
getemper word.

Ken my
as hierdie vroeër
harder grein
bros voortkring
na die bas
se losskeurpyn.

DIE YS MOET BREEK

Vir Hendrik Gunter

Jy was hier,
ek kon jou aan
die bome sien,
die wind was nat
en op die blare
het water in
my oë gestort.

Kyk alles klein
en grys wat
blomme vars of
plastiek is,
weet niks van
hierdie slaap.

*

Die val van sulke
water is dat
ys moet breek.

Jou hande ruk
aan arms lam
gelê, tot groot
en sterk geraamte is.

*

Die kiewietjies vlieg
deur my bril,
die koue reën
sal my moet wys
waar kranse teen
die mure hang,
dat al die
kiste eenders is.

OP DIE STASIE JOU HART

Jou voete op hierdie stuk blouseep
die wêreld,
onder jou naels in jou oë,
die voete,
gesigte met gevoel
het 'n dag afgevat,
soos treine
uit die stasie jou hart,
een fluit
gil op die ander.

DIE KIND SE DOOD

Lang swart slang
die stoet verby,

groot swart vroue
wat mielies afmaak,

val die lig op 'n
bybel wat die vlegsels

van 'n kind bewaar,
lê sonneblom vergeet,

verguld, portrette tot
die kind se dood.

H. J. LE ROUX

REDDING

Deur die hand se balk
het 'n hamerwolk
blitsespykers aan die suiderkruis geslaan

en na die nag se drie-uur kalk
het vir die veldvolk
rooi gate na die hemel oopgegaan.

DROOGTE

Drie jaar stofblou het die reën
gekom . . . gegaan.
In die grond in my mond
het die veld op sy knieë gestaan,
later op sy maag gelê
en eindelijk het 'n dier in gate rond
met modder om sy been
vasgeval, gehyg, geworstel:
Nou lê hy swart onder sonne stil.

„VERKRAMPTE” EN „VERLIGTE” IN DIE SEWENTIENDE EEUSE FRANKRYK⁽¹⁾

„Hulle gee nie om om gemeen te wees nie maar hulle haat dit om belaglik te wees”. Hierdie opmerking is deur Molière gemaak in die voorwoord van sy toneelstuk „Le Tartuffe” (die Skynheilige) nadat dit van die verhoog verban is in 1664 op grond daarvan dat dit aanstootlik sou wees vir godsdienstige mense. Nogtans was Molière se doel om „die mens se gebreke te korrigeer”. Dit was die mikpunt van al sy werke, en hy wou dit bereik deur die mense vir hulleself te laat lag. Hy het niemand ontsien nie — die regsprofessie, die medici, wysneuse, snobs, vrekke, mensehaters en ook die lede van die werkersklas het sy skerp siening nie vrygespring nie. Maar toe kom Le Tartuffe, waarin Molière sy aandag skenk aan godsdienstige geveinsdheid, skynheiligheid. Die eerste openbare opvoering is begroet met kwaai besware deur lede van die Compagnie du Saint-Sacrément wat gestig is tydens die bewind van Louis XIII. Hierdie mense het egter nie dieselfde beskerming geniet onder Louis XIV nie — hy was effens minder godsdienstig!

Molière het volgehou dat sy doel met die skryf van Le Tartuffe was om die misbruik van gesag en invloed deur die geestelikes bloot te stel. Die geestelikes van daardie tyd het egter nie net na die gewetes nie, maar ook na die finansiële en aardse besittings omgesien van diegene oor wie hulle gestel was. Hulle het skynheiligheid genadeloos aangeval en inderdaad die opregtheid van sekere predikante in twyfel getrek. Wanneer Le Tartuffe die eerste keer op die verhoog verskyn, oorhandig hy met groot gebaar ’n sakdoek aan die diensmeisie, Derine, om haar boesem te bedek wat blootgelê is deur ’n laaggesnyde rok. Maar in die toneel wat direk daarop volg, lê hy so aan by Elmire, sy gasvrou, dat sy hom streng moet aanspreek. Hy verontskuldig sy gedrag as „oormatige vurigheid” en ’n begeerte om aan die materiaal van haar rok te voel. Molière veroordeel verder die korrupsie van sekere gewetensregters wat dit goed dink om boetelinge vry te skeld van ’n magdom sondes deur hulle motiewe te regverdig. Wanneer Elmire sy toenadering weier omdat sy bang is dat sy die toorn van die hemele oor haar sal bring, verseker Tartuffe haar dat sy verniet bevrees is. Hy ken „die kuns om weg te doen met gewetensbesware”. Hy gaan selfs verder deur te beweer dat om in die geheim te sondig, geen sonde is nie. Molière veroordeel die skynheilige ten sterkste. Wanneer Tartuffe gevang word waar hy besig is om Orgon se vrou te verlei (hy kruip onder die tafel weg vir die duur van die derde toneel), wys hy

(1) Vertaal deur Joan Lötter.

sy ware aard. Die toneelstuk eindig met die onthulling dat Tartuffe in werklikheid 'n vals predikant en 'n voortvluggende misdadiger is.

As Molière se kritici regverdig was, sou hulle die feit in aanmerking geneem het dat Orgon, die hoof van die huis, as 'n goedgelowige swaap voorgestel word. Een van Molière se ondersteuners is deur die koning gevra waarom 'n toneelstuk deur Scaramouche nie ook verdoem word nie. Sy skerp antwoord was dat Scaramouche maar net met die hemel en met die *godsdien*s die spot dryf, terwyl Molière die *mense* kritiseer wat dit misbruik. Dit wil dus voorkom asof die rusie nie sodanig gegaan het om die beginsels nie maar wel om seergemaakte gevoelens. Ongelukkig bly die feit staan: die waarheid maak seer.

Hierin lê die werklike belang van die Tartuffe-geskil. Dit gaan nie om suiwer godsdienstige beginsels nie. Godsdien mag inderdaad die hoogste beweegrede genoem word, maar enige rede wat belangrik genoeg is, kan saam met minder belangrike aanhangsels 'n dergelike uitbarsting veroorsaak. Soos destyds, sal die Tartuffes altyd met ons wees. Hoe belangriker die saak, hoe groter is die waarskynlikheid dat 'n skrywer of denker wat dit bevraagteken of die swakheid of korrupsie daarvan blootlê, deur 'n sekere sektor van die publiek neergehaal sal word. Die gevaar bestaan voortdurend dat diegene wat die saak en gevolglik hulleself te ernstig opneem, gewelddadig sal reageer op kritiek. Geen tirannie, sy dit godsdienstig, ideologies of polities, sal toelaat dat hy sonder erns bejeën word nie, veel minder dat daar met hom die spot gedryf word. Napoleon het van Le Tartuffe gesê: „As dit in my tyd geskryf was, sou ek die opvoering daarvan verbied het.”

Molière het die gawe besit van 'n skerp insig in die menslike natuur, ook die vermoë om persoonlike sowel as sosiale euwels te kon definieer. Op sy manier was hy 'n hervormer onder die dekmantel van 'n vermaakkunstenaar. Vandag het ons kolomskrywers en spotprettekenaars in die koerante wat in 'n mindere mate hierdie rol vervul deur die publiek bewus te maak van sosiale euwels en perversies. Daar word van tyd tot tyd toneelvoorstellings op die planke gebring wat die spot dryf met sosiale of politieke instellings. Hierdie revues is egter gewoonlik uiters oppervlakkig en het geen blywende waarde as universele sosiale kritiek nie. Molière se toneelstukke het egter met basiese waarhede en menslike swakhede te doen en is vandag nog net so geldig wat hierdie sake betref as in die sewentiende eeu.

'n Belangrike punt van die geskil oor Tartuffe is dat die katolieke kerk in Frankryk die teater en akteurs in daardie tyd beskou het as 'n bedreiging vir die sedes van die gelowiges. Vroeëre toneelstukke was al tydelik verban, en Le Tartuffe het verskyn op 'n tydstop toe die kerk besonder vyandig gesind was.

Le Tartuffe het die reeds sterk antagonisme teen die teater vererger. Die soort vals piëteit wat Molière kritiseer, was 'n karikatuur van die ekstremistiese konserwatiewe element in die kerk wat 'n streng lewe van boetedoening sonder enige wêreldlike plesier voorgestaan het. Streng kritiek is uitgespreek oor dans, kontak met wêreldse vrouens en vanselfsprekend die teater. Dit was 'n vreugdelose soort katolisisme, die ergste graad van puritanisme. Aan die ander kant het die hof hom geensins gesteur aan die geestelike voorstanders van hierdie strak godsdiens nie. Die hof van Versailles het gehou by die tradisionele reëls van die katolisisme soos beoefen deur die aristokrasie en die hoër middelklas. Hulle het geen rede gesien vir oordrewe piëteit of waarom die dames ontslae sou raak van hulle lintjies en poeiertjies nie. Dit beteken nie dat losse sedes goedgekeur is nie. Hierdie verskil is vergelykbaar met dié tussen *verkramp* en *verlig*. Daar is geen probleem van teengestelde ideologieë nie, maar wel een van verskillende *grade* van vertolking en uitvoering van morele waardes. Die feit is dat Molière nie die spot gedryf het met spesifieke godsdienstige praktyke van boetedoening en dissipline nie. Wat hy wel gedoen het, is om 'n onmoontlike prentjie van 'n man soos Le Tartuffe te skilder: ooreet, sinnelik wellustig, en wat die instrumente van boetedoening gebruik. In hierdie geval word die boetedoening belaglik juis omdat dit vals boetedoening is.

Dit is daarom van die grootste belang dat daar 'n sekere vryheid sal wees om af en toe gevestigde praktyke te ondersoek en te bevraagteken. Dit is nie onmoontlik nie dat daar 'n belaglike teenstrydigheid tussen die gewoonte en die beoefenaar mag wees. Die gevaar bestaan gewoonlik dat 'n man wat homself as 'n *verligte* beskou, so hard besig is om *verlig* te wees dat hy 'n *verkrampte verligte* word! Die finale toets bly die een wat Molière gebruik het: Kan ons vir onself lag? Dit is die toets vir onbevooroordeeldheid en redelike nederigheid.

JEANNE GOOSEN

Die voet verrig 'n funksie
en die kop draai om 'n as
so kan ons deur die sneeu loop
of in die somer pampoene by die kruispad verkoop.

In die brein se danssaal
immerfeste gedagtes met papierhoede op
en namate die kop groter word
bars die dwangbaadjie se nate oop.

Wanneer uiterstes mekaar die hand gee
bêre die verstand gelate sy brein
en groei die wysgeer se mond toe
So ruik ons dan oplaas aan die dood se murgbene.

GEDIG

My lyf is 'n spookhuis
In die nagte huil ek my jare om
oor die kind wat ek gevange
in my veryste gange hou.
Soms slaan ek hom,
bind ek hom vas
stap ek op die wind agter hom aan
en sus hom met ou wyn:
— Kind, bly hier. Hier binne is jy veilig! —

As die moeë kind slaap
ruik ek aan sy hare
wat lank geword het van die wag:
bitterals en soet, soet roosmaryn.

Vannag as hy wakker word
eet ek weer blaar vir blaar aan my angs
en braak ek bondels blomme
soos ou bloed die nagholte vol
dat hierdie kind wat ek uitgedink het
my een oggend gaan verlaat.

'N PSALM

'n lied vir die geduldige

Dis nie 'n kwessie van tyd
of geduld om te wag
— ek't ure tyd elke dag:
dis 'n geval van woorde
wat nie kan kom.

Dwarsdeur
die jaar op Maandag
Maart, April in die nag
skielik op Nuwejaar. As
die maan uitgooi en skuinslê of met
Chopin se hand om my hart
v e r w a g
ek in my skik
aan die mooi kantige en
brandende woorde
wat nie kan kom!

VERRAAD

die woorde droom
oop oë
tussen skywe rou pampoen
ennie geur van half-gaar
v l e i s;
op en in en oor
die chaos van skattelgoedwas maar
ek het in die gewoonte verval
om nié gedigte te skryf

SKILDERY

Ek ruik
jou liggaam
in die hopenie pijamabroek

Jy skeer
24 uur se hardebaard,
traakmynie voor die spieël

Toe boender
die pakkeregroet
my ganse bestaan van baard en broek
'n godverlate skildery.

PHIL DU PLESSIS

OP DIE DOOD VAN 'N STEM

in grond van die heuningneskloof
stoot groen ystertralie
met 'n baard van verrotte lig
met verwarde wortels van 'n wingerdstok
nader aan dit wat bly van die druiwerooi lied
wat my ore gedrink het
laat ons wyn drink jy en ek
met ons voete diep in die aarde gesink

LEVENDE VLAAMSE SCHRIJVERS

STIJN STREUVELS

Twee jaar geleden toen „Het Kerstekind” van Stijn Streuvels („Die Kerskind”, vertaal deur Maria Hugo, Kaapstad 1966) in Afrikaanse vertaling verscheen, vroeg mij een vriend uit uw land:

— Leeft Streuvels nog?

Wij zijn er gelukkig om, wij zijn er trots op, de grijze, oeroude Prins van de Nederlandse Letteren, hij leeft nog altijd. Nu voltooit hij zijn zevenennegentigste jaar. Sedert hij in 1905, toen hij trouwde in zijn landhuis, („Het Lijsternest”) ging wonen, is hij daar niet meer weg geweest. Zijn vier kinderen zijn al lang gehuwd, weggevoegen en zij hebben op hun beurt kinderen en zelfs kleinkinderen gekregen, maar de stamvader is gebleven waar en wie hij was. Ook mevrouw Streuvels leeft nog. Hun werd het enige geluk geschonken meer dan zestig jaar samen te mogen blijven, gezond, helder van geest, in staat om alle werk te verrichten dat de huishouding vergt.

In een lang gesprek van twee uur zal Streuvels nooit tweemaal hetzelfde herhalen. Er zitten geen gaten in zijn geheugen en wat vijfenvijftigjarigen hem mogen benijden, hij herinnert zich namen en gezichten, ook van degenen die hij zelden heeft ontmoet.

Een van onze letterkundigen, André De Ridder, die als redakteur van de tijdschriften „De Boomgaard” (1909-1911) en „Het roode Zeil” (1920), een niet onbelangrijke rol heeft gespeeld, ging nog voor de eerste wereldoorlog bij pastoor Hugo Verriest voor een vraaggesprek. Verriest was een vriend van Streuvels, ofschoon hij dertig jaar ouder was en zij woonden beiden te Ingooigem, een landbouwdorp dat tussen Kortrijk en Oudenaarde ligt.

De Ridder vroeg:

— Waarbij komt het dat u zo oud bent geworden en zo gezond bent gebleven? Is het de grond die dat geeft, is het de lucht?

Verriest was een fijne, een glimlachende man en hij antwoorde:

— Ik drink iedere dag een druppel welgezindheid.

In West-Vlaanderen heet men druppel wat elders een borrel, een klein glaasje zou zijn.

Maar Streuvels heeft die remedie niet nodig gehad of liever zij zou hem nie geholpen hebben. Wie zijn werk aandachtig leest, zijn biografische geschriften in de eerste plaats, voelt het na weinige bladzijden aan: dit is geen schrijver met een vrolijk hart. Hij kent de humor, zijn verhalen „Het Duivelstuig” en

„De Maanden” bewijzen het, maar het is dat soort van echte, diep menselijke humor, dat als het zout van tranen is.

Sedert jaren heeft Streuvels geen interviews meer toegestaan. De pers, de radio, die beeldomroep, zij worden vriendelijk afgeweerd. Hij heeft niets te zeggen. Wat belang heeft staat in zijn boeken.

— Met de rest — met mijn persoonlijk leven — heeft niemand iets te maken.

In April 1966 waren Professor en Mevrouw van der Merwe uit Pretoria op reis in België. Zij bezochten ook Streuvels, naar aanleiding van het eredoktoraat dat hem in 1964 door de Universiteit van Suid-Afrika werd verleend. Hij toonde hun zijn werkkamer, wij zouden met een glimlach van ontstellende vertedering zeggen „het hol van de wolf”, de heilige plaats van het huis, waar anders slechts weinigen worden toegelaten.

Achter het brede venster, waartegen Streuvels' schrijftafel geschoven staat, lag het golvende landschap van het zuiden van West-Vlaanderen. Kleine gehuchten, afzonderlijke huizen en boerderijen, een molen op een heuvel. Het was een uitzonderlijk gure dag, zo diep in de lente reeds, met noordenwind, sneeuw en ijsregen. Over het land blonk een laagje vlokkige, smeltende sneeuw, wat dikker opgehoopt achter bomen en hagen.

Wij stonden een paar minuten voor dat raam. Toen zei Streuvels ineens, schijnbaar zonder reden, maar wij begrepen dat het een bedenking was bij het gesprek dat even te voren in zijn woonkamer over het ontstaan van zijn werk gevoerd werd:

— De lente is geen zomer en in de zomer kan het nog winter zijn.

Waarom Streuvels kunstenaar is geworden, waarom hij zo geschreven heeft en niet anders, het zijn niet alleen onbescheiden, het zijn overbodige vragen. Hij heeft erop geantwoord in „Heule”, in „Avelghem” en in „Kroniek van de Familie Gezelle”. Streuvels is in zijn kinderjaren niet gelukkig geweest. Een uiterlijke oorzaak is niet aan te duiden. Zijn ouders hielden van elkander en van hun kinderen. Het was een normaal gezin. Was er geen weelde, er was ook geen armoe, want als kleermaker verdiende vader geen overvloed, maar toch wat er nodig was. Guido Gezelle, de reeds beroemde dichter, was Streuvels' oom en in de familie leefde een verhaal over vroegere welstand, een fierheid op afkomst en ras.

Maar in de knaap Streuvels bestond de mogelijkheid niet tot een oppervlakkig beleven van de werkelijkheid. Er zijn mensen die op water en wolken gelijken. Zij wegen nooit op zichzelf, zij zijn altijd in beweging. Zij zijn luchthartig en vrolijk. Worden zij eens ontroerd en bedroefd, die gevoelens komen hun als het ware van buitenaf aangewaaid, ze dringen niet diep in het gemoed en spoedig zijn ze vergeten.

Streuvels is als de grond, de bodem, de aarde. Altyd geweest. Sneeuwwater, regen, zonneschijn, alles wordt erdoor opgeslopt, alles zinkt erin weg en wordt daar bewaard. Het hoopt op, de ervaringsmogelijkheden zijn onbeperkt. In die schrijver van „Langs de Wegen” en „De Vlaschaard” ligt een structurele gebrokenheid, een menselijk tekort, dat geen gevolg van eigen doen of laten is, maar een noodlotsbeschikking, of willen wij liever zeggen, een gave, een geschenk van de natuur.

Omdat Streuvels niet gelukkig kon zijn als zijn makkers, niet onverschillig als de volwassenen in hun zelfvoldaanheid om hem heen, heeft hij naar een schadeloosstelling gezocht. Want het is een onuitroeibaar heimwee in de mens, de drang om zichzelf te voltooien, om gezond en gaaf, vol-maakt en eeuwig te worden. De persoonlijkheid van Streuvels als kind, jongen en man, is in de persoonlijkheid van de kunstenaar opgegaan. Degene die leed aan de wereld en het leven, een ziekte waarvoor geen genezing bestaat, is zelf schepper van werkelijkheden en lotsbestemmingen geworden.

Wie zou vermoeden dat die ontwikkeling is samengevallen met een vlucht uit de wereld zou zich bedriegen. Streuvels, de eenzame, naar binnen gekeerde, heeft altijd zeer innig samengeleefd met zijn volk. Hij is geen individualist die zich eigenwijs en hooghartig van de gemeenschap afzondert en zijn egoïsme de schijn van een intellektuele wereldbeschouwing, lees wereldverachting, verleent. Een alibi en niet meer.

De feiten bewijzen het. Tijdens de Boerenoorlog in Zuid-Afrika, Streuvels was dertig jaar oud, is hij in het gewest Avelgem sekretaris geweest van het comité, opgericht om onze stamgenoten ver in het zuiden zoveel mogelijk hulp en bijstand te verschaffen. Uit die tijd dagteekent de grote ingelijste foto van vechtgeneraal Christiaan de Wet, die op Streuvels' werkkamer hangt. Nu nog en altijd.

„Stil, broers,

daar gaan 'n man verby,

hy groet

en dis verlaas.

Daar 's nog maar één soos hy

bekyk hom goed”.

Hier in Vlaanderen, kijkt hij, de held uit het gedicht van Celliers, op de beste plaats van ons huis, op de schrijvende hand van onze grootste levende kunstenaar neer.

Al de jaren door, heeft Streuvels als een arbeider onder andere werklieden, als een soldaat in die rij, voor de moeizame opgang van zijn volk, tegen een overmacht van tegenstanders gewerkt en gestreden. Sommige modeknepen uit deze tijd, ijle hoofden zo hoog opgericht als de ledige korenaren dat zij op de ouderen kunnen neerzien, vinden dat ouderwets. Maar de jongste generatie, nu tussen de veertien en twintig jaar, is morgen volgroeid en zal aan de zijde van haar grootvaders

staan. Een maand geleden hebben wij in ons land een jeugdopstand uit nationale motieven meegemaakt die veel te denken geeft.

Zeventig jaar geleden toen de doorbraak van de sociale strekkingen op heftig verzet stuitte, hield Streuvels het met de misdeelden. In 1906 toen het kerkelijk gezag verklaarde dat er in Vlaanderen nooit een universiteit met het Nederlands als voertaal zou komen, zei Streuvels dat zulks niet van de bisschoppen afhing, maar van de ouders met kinderen. Ondubbelzinnig heeft hij zich altijd getoond zoals hij innerlijk was en mocht blijven: godsdienstig, sociaal en nationaal.

Niet alleen met woorden en een uiterlijk gebaar. Streuvels is een praktiserend gelovige, een vriend van de eenvoudige bewoners van zijn dorp en zolang hij tegen drukte en vermoeidheid kon, was het geen zeldzaamheid hem te zien op een Vlaamse betoging. Hij stond onder de tienduizenden op de bedevaartweide te Diksmuide, om de Vlaamse gesneuvelden uit de eerste wereldoorlog te herdenken en wanneer in 1948 de verbroken betrekkingen met onze taalgenoten uit het noorden van Frankrijk weer konden opgenomen worden, was hij een doodgewone deelnemer en terzelfder tijd de meest beminde eregast op die eerste Fransvlaamse Kultuurdag.

Eerlijk als goud, mag hij spreken en zijn zoals hij is, zonder de vriendschap van andersdenkenden te verliezen. Koning Boudewijn kwam bij hem op bezoek, Julien Kuypers die een bekend vrijmetselaar was en een leidende figuur in ons cultureel leven ging met hem om als met een oudere broer en nog geen jaar geleden, op de zomerezitting van de Koninklijke Vlaamse Akademie voor Taal- en Letterkunde op haar kasteel te Wulveringem, zat de zesennegentigjarige Streuvels nevens staatsminister Achille Van Acker, zelf ook dichter en auteur, die voorzitter van onze Kamer van Volksvertegenwoordigers is en een voorman van de Belgische Socialistische Partij.

Wij hebben het recht aan Streuvels te vragen wat hij bedoeld heeft met zijn werk, niet te vragen van persoon tot persoon, maar ons richtend tot dat werk, zijn romans en verhalen. Alleen klinkt het woord bedoeling niet juist, omdat het aan enige opzettelijkheid doet geloven. Wat Streuvels verklaart over de mens en zijn lot is niet door een bedoeling ingegeven. Het is veeleer een onbewuste getuigenis van een innerlijk weten en zijn. Sommige schrijvers hebben niet anders te bieden dan woorden zonder gedachten en zij verdwijnen met die woorden. Anderen, en dat zijn de zeldzame groten, geven antwoorden op de essentiële vragen van ons bestaan of zij stellen vragen waarop zij geen antwoord vinden.

Streuvels heeft dat formaat. Zijn wereldbeschouwing is de sleutel tot een helder begrip van zijn kunst. Er leeft in de volkstaal van West-Vlaanderen een alledaags rijmpje dat luidt: „Groeien, bloeien, blijven staan en vergaan”. Lente, zomer,

herfst en winter, de vier seizoenen van het leven, die in een cyclische beweging met elkander verbonden zijn en op elkander volgen. De gehele kosmos, levenloze dingen, planten, dieren en mensen, wordt beheerst door dezelfde wetten van ontkiemen, rijp worden, zich vermenigvuldigen en afsterven. De mens die zich daarmee kan verenigen, leeft in overeenstemming met de natuur, en geniet het geluk dat aan de lijdzame gelatenen wordt gegund. Ook het woord geluk moet in deze zin van zijn gewone betekenis geledigd worden. Het gaat om een bevrijd blijven van erger rampen dan degene die onvermijdelijk met ons menszijn samengaan.

Een romanschrijver leeft omdat zijn figuren onsterfelijk blijken. Nu heeft Streuvels een reeks dulders geschapen, onderworpen aan hun lot, die hij uit ervaringsstof en verbeelding heeft geboetseerd. Aangrijpende lijdzamen, groots in hun onbelangrijkheid, symbolen van een geworpenheid in het bestaan, dat zij uitzichtloos, alleen met een kleine hoop op een rechtvaardiging na de dood ondergaan. Wie die Streuvels wil benaderen kan het in zijn talrijke verhalen over kleine boeren en werklieden. Niemand heeft de tijd om alles te lezen, maar het beste met die inhoud is „De Oogst”. „Langs de Wegen.” „De Werkman” en „Het Leven en de Dood in den Ast”.

Die uiterste lijdzaamheid komt ook in de Russische, maar eerder weinig in de Nederlandse letterkunde voor. Misschien is ze typisch Westvlaams en toch langs een omweg met de Russische voorbeelden verbonden. Heule, het dorp waar Streuvels geboren werd, waar hij kind is geweest, ligt in de Westvlaamse vlakte, de grenzeloos lijkende, waar slechts twee elementen aanwezig schijnen: aarde en hemel. Wij herinneren ons dat de Duitse soldaten, die tijdens de eerste wereldoorlog op De Elsbos, de boerderij van mijn ouders ingekwartierd lagen, vertelden dat West-Vlaanderen op de Oekraïne geleek. Zij hadden er een zomer en een winter doorgebracht. De mens uit de vlakte is nergens beschut tegen een gevoel van verlatenheid in een eindeloze ruimte, waarover machten regeren waarvoor hij niet meer betekenis heeft dan een distelpluisje op de wind.

Maar niet alle personages van Streuvels nemen die passieve houding aan. Het fatalisme der vernederden en verdrukten wordt niet gedeeld door degenen die tegen de kosmische wet in verzet komen. Zijn dulders zijn tragische figuren door de armoede en het leed die zij als een noodlotsbeschikking moeten dragen, zijn opstandelingen door hun schuldige overmoed. Boer Vermeulen uit „De Vlaschaard” wil niet ouder worden en geen afstand doen van zijn gezag voor een jonger geslacht. In zijn vermetelheid straft hij zichzelf. Hij slaat zijn zoon neer en het verhaal eindigt ermee dat hij de Heer bidt zelf te mogen sterven opdat zijn slachtoffer zou leven.

Niet beter vergaat het Deken Broeke uit „De Teleurgang van den Waterhoek”, die zich inbeeldt dat hij zich moet en kan tegen de vooruitgang van beschaving en techniek verzetten en wanneer hij alles verloren heeft bovendien met zinsverbijstering wordt geslagen. In Streuvels' werk is het niet een enig geval, dat een van zijn personages, geraakt in de geest het toneel verlaat. Dat gebeurt ook in de meesterlijke novelle „In 't Water” en in „Zomerland”, bijna zeventig jaar geleden verschenen, heeft hij zijn helden doen leven in een vizionaire wereld, waar zij onvatbaar waren voor de greep van het fatum.

In de grond heeft hij zich nooit met de werkelijkheid kunnen verzoenen. Dat hij beseft heeft dat de oorzaak van zijn onvrede met de dingen, de vergankelijkheid van de mens, de onvolmaaktheid van alles, niet buiten maar in hem lag, horen wij in de slotparagraaf uit „Kroniek van de Familie Gezelle”, waar hij verklaart dat zijn kleinkinderen bevrijd zijn van alle hebbeligheden waaronder hun voorgangers hebben geleden.

— „En ik, als erfelijk belaste”, voegt hij eraan toe, „zal ze mee ten grave dragen waar ze voor altijd vergeten worden, en amen en uit zullen zijn”.

Lang heeft hij gezocht naar een middel om aan die tragische verdeeldheid in hem te ontsnappen. Hem scheen het toe dat er een levenshouding moest zijn die een uitredding bood. Hij heeft gemeend ze te vinden in de onschuld van de kindertijd. Vandaar zijn vele novellen over kinderen, zoals „Lente”, „Kinderzieltje”, „Het Kerstekind” en het lange verhaal „Pruiske”, dat hij aan zijn dochtertje heeft gewijd.

In „Alma met de vlassen Haren” heeft hij zelfs de kinderjaren verlengd en zijn heldin in een mystisch getinte godsdienstigheid buiten de gewone realiteit gevoerd. Maar de ervaring leert en de schrijver is veel te evenwichtig van geest om dat niet te aanvaarden, dat de kinderen veroordeeld zijn om, als volwassenen, uit het paradijs van hun onschuld verdreven te worden.

Er is geen andere uitweg dan de humor, een zeldzaam kruid als het geen voorwending is, of een zelfvergetelheid die toelaat zo onverschillig voor zichzelf te worden, dat men eerder toeschouwer op het eigen lot dan zijn drager wordt. Waar Streuvels zijn zelfstandige beschrijvingen uitwerkte, zoals „De Boomen” of „Het glorierijke Licht”, heeft hij daarnaar gestreefd. Zijn lyriek zou haar eigen doel worden, zoals de moderne literatuurwetenschap nu de letterkunde wil zien, als een schepping in woorden, waar de schepper buiten staat. Maar niemand die iets belangrijks te zeggen heeft, die een ware persoonlijkheid is, kan daarin slagen. Ook Streuvels' objectiverende proza bezit, en dat is de enige oorzaak van zijn monumentale schoonheid, het watermerk van zijn bloed en ziel.

Als Streuvels opziet tegen bezoekers die hij niet enigszins kent, is het omdat hij niet gaarne met vragen lastig gevallen wordt. De oude West-Vlamingen zijn allemaal zo geweest.

Zij konden praten over weer en wind, allerlei zaken waarbij zij niet innerlijk betrokken waren. Maar men mocht hen niet willen uithoren over onderwerpen als liefde en overtuiging, geld en God. Dan werden zij zwijgzaam en stuurs, omdat het als een dwaze en brutale aanslag op hun vrijheid, hun recht op zichzelf te zijn en anders dan anderen, werd aan gevoeld.

Schrijft Streuvels nog? Hij leest zeer veel, hij heeft belangstelling voor radio. Eens toen het ter sprake kwam dat zijn levensherinneringen onvoltooid zijn gebleven — verder dan 1940 zijn ze niet verschenen — heeft hij laten verstaan dat de mensen waarover hij in de jongste periode zou spreken nog onder de levenden behoren en hij dat zolang zij leefden niet wilde doen. In ons eksemplaar van „Kroniek van de Familie Gezelle” heeft hij geschreven dat het boek is „dees late getuigenis, tevens gewetensonderzoek en . . . zwanenzang”.

Er is van Streuvels' kunst een merkbare invloed op de Nederlandse en zelfs op de Afrikaanse letterkunde uitgegaan. Denken wij slechts aan „Somer” van C. M. van den Heever. Maar het treffendste wonder is nog dat iedere nieuwe generatie Streuvels opnieuw ontdekt en in zijn werk eigenschappen vindt die haar in het bijzonder aanspreken. Die tijdeloosheid heeft hij met zijn oom dichter Guido Gezelle gemeen: het is het kenmerk van de groten.

Wij hopen weldra eens naar „Het Lijsternest” te mogen gaan, voor een gesprek dat ook uit stilten bestaat. Dan kijken wij naar buiten naar de tuin, waarin de bomen, van iedere soort twee, hun blaren krijgen of weer van zich afschudden, en waarachter de wereld ligt, groots en ondoordringbaar als het mysterie dat de mens is voor zichzelf. Als onze ogen dan elkander ontmoeten, drukken wij niet uit wat wij denken, maar wij weten het ook zo maar, zonder woorden.

3 Maart 1968.

—V— VAN VERLANGEN

Jouw ogen doorlopen het oerwoud van begeerten.
Jouw moeheid ligt in mijn hand.
Jij hebt me in jouw ene traan verdrongen.

Weet dit: Hier kwijnt het licht en
beginnen de rustige paden van vervreemding.

Van jou blijft over: de bedreiging en de mythe.
Van jouw warmte hou ik de illusie want
Jij zal je morgen weer verdrinken, in een nieuwe oase.

BESTAANSREG

Jy en ek,
ons kan 'n katedraal bou van kerslig.
Ons kan die see laat oor-stroom.

Jy en ek,
ons kan met die sandduine van ons hart 'n woestyn maak.
Ons kan 'n reëndruppel droogte skep.

Jy en ek,
ons kan roekeloos wees: oor môre dink
en gister vergeet.

Jy en ek,
ons kan deur ander oë kyk,
Ons kan terug-kom na waar ons ontmoet het.

KINDERS VAN DIE MENS

Heel eerste het hy haar raakgesien.
Sy was so regop en volwasse tussen die ander kinders.
Hy het haar die hele week nooit sien lag nie.
Maar hulle het mekaar ook nie geken nie.
„Middag.”
„Middag, Meneer.”
Sy het vorentoe geskuif; op die puntjie van die stoel. Toe eers opgestaan.
„Ry saam met my?”
„Waarheen?”
„Dorp toe.”
„Dorp toe?”
Haar mond het van verbasing effens oop gebly.
„Ja, sommer iets gaan drink.”
In die motor langs hom, het haar skoolrok in slap plooitjies oor haar knieë gehang.
„Ek weet nog nie wat jou naam is nie?”
„Analien.”
„O.”
„Matriek?”
„Ja.”
Sy het skuins opgekyk. Haar gesig was baie vriendelik.
Sy kraag het warm begin word. Dit was darem warm buite ook.
„Hoelank is Meneer van plan om te bly?”
„Hier?”
„Ja.”
„Weet nie.”
Toe was hulle in die dorp.
Tussen kaste koeldrank en katte in die enigste ordentlike kafee het hulle gaan koffie drink.
„Wat is jou plan vir volgende jaar?”
„Weet nie.”
Haar oë was bruin soos nat grond.
„Miskien verpleeg.”
„Dis 'n baie goeie rigting.”
„Ek wou van kleinsaf.”
„Daar is 'n groot tekort aan verpleegsters.”
„Ja.”
„En jy sal mooi lyk in wit.”
Sy het vir die eerste keer gelag. Ook net effentjies met die dun strooitjie tussen haar tande.
Dieselfde aand het sy 'n blou rok aangehad. Blou soos God se hemel.
„Naand, Meneer.”
„Naand, Analien.”

Sy het altyd skuins oorkant hom aan 'n tafel gesit.
Tussen die ander kinders.
Nie almal kinders nie. Die meeste het al groot geword.
Ná ete het hulle buite in klompies gaan staan. Die kinders
pratende oor witmuise, spinnekoppe en die halfrou boontjies
van die aand.
Hy het entjies-entjies tussen hulle deur geslenter.
„Analien.”
„Meneer?”
„Toemaar.”
Daar was 'n klein beweging in haar hande en haar mond.
Sy wou dalk verder uitvra.
Die ander het begin aanstap.
Die aand laat het hy gewonder oor hoe haar kamer lyk en
sý snags op haar bed.
'n Dag of wat later moes hy haar iets vra:
„Analien.”
„Meneer?”
„Sal jy my help kaarte teken?”
„Goed, Meneer.”
„Het jy nie te veel werk nie?”
„Nee, Meneer.”
„Seker?”
„Ja, Meneer.”
Ja, Meneer, meneer, meneer . . .
„Wanneer, Meneer?”
„Wanneer kan jy?”
„Meneer moet maar sê.”
Dankie, Analien.
„Goed. Dankie, Analien. Sommer nou, vanaand?”
„Waar, Meneer?”
„Ons sal maar in die biblioteek moet gaan werk.”
Sy het geknik.
„Sal jy toestemming kan kry om nie die studietyd by te
woon nie?”
„Ja, Meneer. Ons het nog nie baie werk nie.”
In die aand het die lang neonligte oor hulle koppe gebrand.
Die boeke was vriendelik en goed. Altyd op hulle plek; nooit
ingemeng met die kaartmakery nie.
Hulle het kort rukkies hard gewerk en dan mooi dinge gesels.
„Meneer . . . ?”
„Ja?”
Hy het langs haar gestaan en elke oogpupil sien glans.
„Ek het 'n fout gemaak.”
Haar inkgevekte voorvinger het op Frankryk gedruk.
„Ons wis dit uit.”
„Hoe, Meneer?”
„Met 'n lemmetjie.”
Sy het haar asem ingetrek.
„Dis baie moeilik, Meneer. Dis eintlik onmoontlik.”

„Ja.”
 „En die merkie sal bly sit.”
 „Ja.”
 Die merkie sal bly sit.
 Met haar handpalms moedeloos op die wêreld, het hy haar jammer gekry.
 Die neonlig was skoon op haar gesig . . . Die merkie sal bly sit.
 „Analien . . .”
 Sy het bietjie geskrik, want hy was baie naby.
 „Kom ons gaan drink koffie in die dorp?”
 „Nee, Meneer,” het sy gesê.
 „Ja, Meneer,” het haar oë gesê.
 „Nee dankie, Meneer.”
 Die lang stilte het altwee seergemaak.
 „Ek het baie werk vanaand.”
 „O.”
 Sy oë was op smal skrefies getrek.
 „Hoekom vlug jy, Analien?”
 Haar vinnige asemteug was al teken dat sy gelewe het.
 Sy het afgekyk na haar hande wat die bont wêreldjie op die tafel toegemaak het. Toe het sy die werksgoed begin wegpak. Ná elke verfpotjie gedeksel was, het sy geloop.
 „Nag, Meneer.”
 Tog het sy nie dadelik geloop nie.
 „Meneer . . .”
 „Ja, Analien?”
 „Toemaar.”
 Die nagdiere was al moeg gelewe toe sy vinnig met die stoep langs koshuis toe geloop het en hy naderhand nie meer haar voetstappe op die trappies kon hoor nie.
 Hy het buite toe geloop en gebid: ag, Here . . .
 Vroegdag het 'n haan gekraai.
 Hy moes terug kamer toe.
 Hy moes weer gaan bid.
 Die kaarte was gelukkig klaar. Buiten vir die een fout.
 Dié merkie sal bly sit.

stilte voor Bob James

stemmen

tussen twee stiltes hangt een vlag
halfstok en wind om te bewegen is
er niet de stad is merkwaardig
verlaten op dit uur alleen
drie muzikanten zitten op
het trottoir met hun muziek-
instrumenten nu en dan maakt
een van hen daarmee een geluid
zo vreemd in de stilte
waartussen de vlag als een stem
halfstok hangt naakt en
herkenbaar tussen twee
geluiden de stilte bekijkend

waarneming

zelden gaat hij voorbij een huis
waarvan de ramen openstaan

in een kille ruimte staan
plassen water te bevriezen

een fabriek van frigidaires wordt
snachts geheimzinnig leeggeroofd

van ergens onzichtbaar ontastbaar
klinken stemmen verward,
onverstaanbaar, kubussen steen
onhoorbaar, schurend geluid
van een langzaam verschuiven
tot onafzienbare rijen anoniem

de betonnen ruimte van de elektrische centrale
komt hij nauwelijks te buiten
de temperatuur daalt ver beneden nul
het ademen vergaat in het knetteren van vonken
twee polen waartussen hij verminkt achterblijft

ETENSUUR

Ek vlieg met die duiwe
oor die somerplein
ek is duiwe en blomme in beddings
en bye in die blomme
en ek lê
my plein vol
steekhaargrassies groei uit my vel
kielie
my warm duiwepote
o die son op my lyf
op my vel
op my blomme
ek is duiwe en plein
tot my uur slaan
en ek mure word
grys mure
met 'n deur
en almanak
met syfers
maande
stukkies somer
opgehang.

* *

Die wind is in die gras
'n geel wind wat
soek
en luister
en hande hou met die gras
en draaie loop
sodat die gras geel kan sing
met 'n wydoopmond
en 'n wydoophart
hoor!
die gras sing
en lag
en hyg na asem
die wind maak sy hande los
en luister
maar die gras is stil
en die liedjie is geel stukkies
wat wyd lê
wyd en oop lê
gras waar soek ek nou jou lied?

Breek vir my 'n appelliefie oop
soos die herfs
kyk hoe geel is die herfs
ek wil pitjie wees
inkruip
warm wees
al die wit-wit pitjies tesame wees
bitter-soet wag
vir die geel
van jou herfs

F. I. DURAND

ROOSBOOM

Jou onbesnede takke
wankel moedig
soos 'n voëlvskrikker in die wind
om die vereelte beddings
te parfumeer
met 'n gebot

DIE BEGRAFNIS VAN VLERMUIS

'n Tiv-legende

Dis nie aldae dat mens van 'n vlermuis 'n storie hoor nie. Hy vlieg in die aand en nag wanneer kinders moeg is en slaap. Saans as dit skemer word, vlieg klein vlermuises onder dakke of ander skuilplekke uit. Daar is ook 'n groter soort vlermuis wat eintlik 'n vrugtedief is: soggens kry 'n mens lukwartpitte op die grond onderkant die oorhang van die dak en die kinders wonder hoe die pitte oornag op dié plek gekom het — ver van die vrugtebome.

Hierdie groot vlermuis is 'n snaakse dier:

hy het 'n kop wat lyk soos 'n hond s'n,

hy het vlerke wat lyk soos 'n voël s'n,

hy het hare wat lyk soos 'n muis s'n.

En omdat hy só lyk, het die Tiv-volk hom in hulle stories opgeneem.

Daar was een nag 'n groot vlermuis-wat-vrugte-steel. Hy het doodgegaan en geval en in die middel van 'n pad bly lê. Die son het opgekom en op die vlermuis daar in die stofpad geskyn. Toe kom Hond daar verby. Hond draf stadiger en stadiger, snuif-snuif . . . en met uitgerekte nek en stywe bene stap hy toe rondom Vlermuis.

„Maar jy het dan 'n hond se kop,” sê Hond. „Dan is jy seker 'n broer van my en ek moet jou gaan begrawe.” Hond kom nader en net toe hy Vlermuis wil optel, sien hy nee, dié ding het dan vlerke . . . ek wil niks met hom te doen hê nie! Hond trek sy neus op en draf verder aan en laat Vlermuis net so daar in die stof en sonlig lê.

Daarna kom Muis saggies onder 'n droë boomstomp uit en hy sien vir Vlermuis daar in die middel van die pad lê.

„Haai, dié ou het hare net soos 'n muis — hy's seker 'n neef van my. Ek moet hom gou gaan begrawe, hy kan nie hier so lê en vergaan in die warm son nie.” Muis wil Vlermuis net pak en aansleep, toe sien hy . . . maar dié ding se kop is dan soos 'n hond se kop, en hy't vlerke, en dit het muise nie. Nee, hier's fout! Ons kan nie familie wees nie. En Muis skarrel weg tussen die droë blare langs die pad en laat vir Vlermuis net so in die stof lê.

Bo in 'n boom kom sit Voëltjie. En hy sien dáár onder in die pad lê iets wat vlerke aan het. „Dis seker familie, foeitog . . .” sê Voëltjie en hy sweef af tot in die pad. Hy gaan sit 'n endjie van Vlermuis af en wip-wip versigtig nader. „Ek moet hom gaan begrawe,” dink Voëltjie. Hy kom nader en nader, draai sy koppie skeef en sê: „Maar hoe het ek dit dan nou? Sy kop is 'n hond s'n en hy het hare op sy lyf soos 'n ander dier — hy's nie familie van my nie! Hy't dan nie 'n

enkele veer op sy lyf nie . . . nee, iets is hier nie plus nie . . . ek moet wegkom!" En wrrr . . . vlieg Voëltjie weg. En daar lê ou Vlermuis in die stof en warm son want niemand wil iets met hom te doen hê nie — hy bly 'n vreemdeling vir almal.

Net so gaan dit met 'n mens wat nie trou bly aan sy eie volk nie: As 'n Tiv byvoorbeeld onder die Hausa-mense kom en hy hou sy lyf Hausa, of hy kom onder die Joruba en hy hou hom Joruba, of hy kom onder die Iboe-volk en hy probeer wees soos die Iboe, dan erken nie een hom as een van hulle nie.

Nie die Hausa nie,
nie die Joruba nie,
nie die Iboe nie.

Almal sê hy is nie een van hulle nie en laat hom buite in die koue bly. Omdat hy probeer lyk soos hulle, offer hy alles op, wat eie is aan sy volk.

Hy wil lyk soos dié,
hy wil lyk soos dáárdie.
hy wil lyk soos 'n ander mens —
en hy bly niks.

En dit is nou 'n les vir die Tiv om waar hy ook al gaan, getrou aan sy eie volk te bly.

JAKARANDA

*Pers
lugte en pers oppie
strate en daar tussenin
my hart wat blomme val.*

Rina Badenhorst

PETRU KLARCSON

REÏNKARNASIE

Die jaghoring blaas skril die môre stukkend.
Ek stroom die wingerd in
'n duisend maal myself
wroet in elke druif
worstel in elke blaar
word vol
 oorstroom
 so baie
ek trap op my eie liggaam.

Kras sny 'n trompet die wolke flenters.
Duisende voete trap
 vertrap
 trap
 druive
dreunings draal droog om die ranke
en ek loop oor my baie self
 wat wyn word
 ryk rooi wyn word
 in my eie skil.

'n Beuel verheerlik hierdie dood.
(meeste mense sterf in die oggend)
so baie self om die gees van te louter
 ryp rooi bloed
 herken my
 eien my
 telkens.

'n Vreemd-bekende stilte fluister.
Jy was mos al hierdeur
iy ken die tapper
Ek stroom nog deur die wingerd
in naakte verwondering.
Ek stol in die kiem van 'n druiwepit.

SEEPBEL

Jy ontklee my siel
met jou oë
my ek lê nakend
in jou palm.

Jy drink uit my mond
singend en dronk
al langs my tande
lewe jou tong.
Jy vloei oor my liggaam
se pers milieu
jou hande ontdek
geheime heuwels;
Jy stort oor die rand
van die oer-ou kelk
spat blink en soepel
tot by die monding.

In stilte en trane
sien ek jou slaap
essensie van lewe
deur 'n seepbel bewaak.

SEELANDSKAP

groen see spat spoelend oor skubberige rotse
spoeg ryk wit skuim oor sanderige borste
beur en breek teen hellingskepe
streel stil-verlief die dronk bamboese
waai blou hande wuiwend vir die wolke
speel klein-klein in 'n poeletjie
dans verdowende orgasmes vir die nag
nestel kinderlik in eie arms

vishorings skel skril in die middestad
oor 'n stil-gedweë visgraat in my asblik
ek drink die blougroen branderwind
oer-ou vervoering van 'n suiwer kind

nou nog net verlange na nat sout
van seewater. en liefde.

AANDSTER TOE

1.

Versigtig trap, die klippe is los
van die onverskillige water.
Mens kan nie meer as twee keer val nie,
die ligamente is te bros.
Maar die klippe sing in die water.

2.

Van ongeveer my middeltyd af
word my verweersel onerglik weggewaai
tot die eindelike wegbêre
van die laaste kriesel.
Tog verdien elke dood
'n laaste awendmaal.

3.

Daglank skreeu dit teen die staallug
die groot wit meeu: steriel! steriel!
Honger honde jaag kus toe
—wit skuim deur groen tande —
en verspat in blawwe teen kaal rotse.

Rasend skree die meeu
en tuimel hom in die vrekte

4.

Moet liggies draf
die sand is los
en heuwel-heuwel
weste toe.

Ligter as die boesmandraf
met lendeskortjie, gifpyle en enkelkrale
(die drie mens-dimensies)
My dun voet
sny die sand
weste toe weste toe.

Gifpyl in 'n gemsbokdy,
sy kanteling is my draf se sier.
Sny uit die hart en lewer
laat lê die res
en drawwe drawwe drawwe
dat die krale tinkel.

Agter donker aasvoëls die karkas.
Lig rits my spoortjies sy kontoer
heuwels heuwels oor
aandster toe
aandster toe.

WESSEL PRETORIUS

ONS HEILIGHEID

ons moet almal glo in heiligheid
anders sterf ons stadig aan tyd
heiligheid is tog so gerieflik
ons dink daaraan net sondag

en glo dit net wanneer nodig
byvoorbeeld as ons hande grys word
en hulle nie meer speel waar hulle spel nie
gedagtig gedurig ons is amper daar

maar ons is altyd amper byna daar
by die groot kleurryke speelpark
waar almal mal raak op soek na sonde
val vóór die soutstandbeelde vorm vind

eers dán bevolk heiligheid elke stadsplein
terwyl sendingstasies kruise en tempels
opgerig word waar heiligheid vergaan
in die moerasse van onkunde en wetenskap

ons heiligheid oortrek ons planeet
tydens dag en nag maar veral nag
ons heiligheid oorskadu dán die duister kant van tyd
want heiligheid is aansteeklik maar nie dodelik nie.

en ons het geen begeerte om ons planeet oor te beplan nie

BITTER-SWEET

Ek was half onvergenoegd omdat ek saam met ma moes gaan, maar sy was heeltemal meedoënloos. Wat aanvanklik 'n vae skimp was, soos „Ag, hulle sing dan so mooi!”, het teen Vrydag 'n sanerende aanklag geword: „Jy wil ook deesdae net na gemors gaan kyk”.

Ek het ingestem, om die vrede te bewaar, maar ook sodat die fiole van verwynt nie meer oor my uitgegiet word nie. Maar nogtans . . . ek het mos vriende wat onder soortgelyke omstandighede 'n soortgelyke marteling moes deursit:

Eksterieur. Skemer. Toneel: 'n tuin. *Voëlgesang doof in.* Toneel in pienk lig gebaai. perskebloeisels wat neersif. *Van ver doof stem in: skoner en suiwerder as dié van voëls.* Naby-opname: JANET MACDONALD. Steek spierwit hand telkens in mandjie: doen mee aan strooi van bloeisels. Volopname: tuin: vlae bloeisels. *Bariton doof in.* Terug. Wat sy sien. Naby-opname: NELSON EDDY. Fokus: valletjiesbek.

Voor die skouburg het ek verlig gesug: die teater was uitverkoop!

„Hoe jammer — ons sal maar weer moet huis toe gaan,” veins ek. Maar my ma haal gerusstellend/triomfantelik twee bespreekte toegangskaartjies uit haar handsak.

Ek is sleepvoetend agter haar aan tot in die foyer. Gehoeden gehandskoende dames en hier en daar 'n bleskopheer het die lug gevul met muskus en amber. Van die Saterdagmiddagse bell-bottom-brigade was daar geen teken nie . . . Ons het die pregnante atmosfeer van die skouburg betree.

Met die eerste tone van die melancholiese temaliedjie is honderde gesigte afwagtend na die doek opgehef. Ek het skielik aangevoel dat ek my in 'n benouende herinneringswêreld bevind waarin enige onvanpaste fluit of opmerking heiligs-kennis sou wees. Die trane wat hier gestort word, is nie net te wyte aan wat op die doek plaasvind nie, het ek besef. Gedagtig aan 'n onlangse koerantartikel, het ek onthou dat altwee hierdie jong minnaars met hulle snaakse lokies en valletjiesmonde reeds dood is. Dit het vir my onmoontlik voorgekom. Hulle is dan tydgenote van my ma en pa! 'n Beklemming het oor my gekom. My ma praat van dié rolprent asof sy hom gister vir die eerste keer gesien het.

Die sentimentele en vreemd-melancholiese liedjies het by my begin goël.

Ek was bly om weer buite te kom waar busse en mense my verseker dat dit maar net 'n hartseer droomwêreld met spoke was. Hier kon ek weer die wêreld vierkantig in die oë kyk — maar vanagter 'n donkerbril as gevolg van 'n verspotte melodrama.

TOE EGHARDT KOM KUIER HET

Sondag, 21 Januarie 1968. Dis een van daardie gerypte somerdae op Saffier kort voor druiwepaktyd wat my weer herinner waarom ek dié stuk aarde die naam gegee het. My gemoedstemming pas ook redelik aan by die trankiele landskap. Dan begin ek die dag se *Dieptebeeld* lees. Eghardt (Bill) van der Hoven, direkteur van die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste, sê (by wyse van antwoord aan N. P. van Wyk Louw) ons dramaturge is bang. Hulle wil nie aanstoot gee nie. Daarom is hulle werke nie in hul omgewing, in hul tyd geanker nie. „Dit is die kern van ons dramaturge se probleem,” sê Eghardt. „Hulle gaan haal die bobbejaan agter die berg. En ons wat moet opvoer . . .” Hy wil sê, die amptelike organisasie beheer deur hulle beheerrade het niks wat inheems en eietyds is om op te voer nie. Daarom lê die Afrikaanse drama op sy bobbejaangape.

Vinnig en netjies. So netjies en so vinnig dat die Sondagkalmte tot minstens koffietyd daarmee heen is. Ook nie sonder rede nie. Die saak hou my nou darem taamlik lank al besig.

Op 13 Julie 1967 skryf ek in 'n artikel (gepubliseer as brief) in *Die Burger*: „Daarom juis begin sensuur reeds in die studeerkamer. Geen skrywer gaan sy tyd mors met tragiek of komedie as hy baie goed weet dat sy komiese of sy tragiese siening van tyd en samelewing nie verder as die naaste beheerraad (wat ook in die skaduwee van sensuur moet staan) gaan kom nie. Tragiek en komedie het nog nooit veroordeel nie. Dit het egter ook nog nooit apologeties opgetree nie. As dit die Idee is wat finaal orden, sin gee, tot volheid bring, is alles wat die Idee (Ideaal) dien, bevorder, uitbou vanselfsprekend goed. *Wie egter nie vir die Idee is nie, is daarteen*. Daarom is dit ondraaglik vir die Idee-begeesterde mens om net maar na homself te kyk soos hy *is*. Want soos ons *is*, moet noodwendig anders wees as wat ons graag wil wees. En dit is juis die Ideaal . . . Wat tragiek ons egter deur alle eeue laat beleef het — nie geleer het nie — is dat gister nie vandag is nie; nog minder is dit môre. Vandag is ewig. Die teenswoordige en wat *is*, bly oneindig moeiliker om tegemoet te gaan as die toekoms. Want die toekoms, soos die verlede, voer ons weg van die teenswoordige . . . Daarom is die heldepoging om die lewe te verseker ‚vir tyd en ewigheid’ die absurde prestasie wat dit inkort, oplaas vernietig.

„Hiertoe kan die ware dramaturg, soos die ware romanskrywer of digter, nooit 'n bydrae lewer nie. Dit sou 'n soort selfmoord wees . . .

„Sodra die Afrikaanse dramaturg weer vry buite die raamwerk sal kan skryf, sal die Afrikaanse drama weer tot sy reg kom.”

Die artikel het ook verskyn in *Die Tydskrif vir Letterkunde* (November 1967) onder die titel: *Waarom die Afrikaanse Drama op Sterwe na dood is*. Die verklaring volg in die eerste reël: „Hy is nek omgedraai.”

Interessant met die oog op wat verder meegedeel moet word van Eghardt van der Hoven se geselsie enige weke gelede hier op Saffier, is dat daar oor die algemeen 'n baie meegaande reaksie van die publiek (briewe, gesprekke ens.) op die artikel gekom het, maar geen kwik of kwak van die verskeie staats-ondersteunde toneelinstansies in ons land aan wie se adres die skrywe eintlik gerig was. Hulle swye het goed saamgeval met *hulle feitelike absolute negering die afgelope dekade of meer van enige Afrikaanse skrywer wat tekens toon dat hy buite die raamwerk wil sê wat hy moet sê*. Die droewige lot van Bartho Smit se *Putsonderwater* illustreer die punt. Daar is egter ook ander dramas in dié tyd geskryf wat hier ter sake is. 'n Stuk soos *Wanneer See en Branders dreun* (1963) kan ek vandag sien as deel van 'n ontwikkelingsproses wat by *Die Jaar van die Vuuros* begin het. Die rasseproblematiek is voortgaande gekompliseer met die verdere problematiek van die Afrikaner se vervreemding in die nywerheidsamelewing van die 20ste eeu. „Laat ons tog in alles wat ons doen of wil doen so optree,” sê oom Pieter Keulder in daardie stuk, „dat as ons dan eindelijk in hierdie land ten gronde moet gaan, dit nie onse skuld sal wees nie, maar wel onse lot!” Indertyd het W. E. G. Louw gepleit dat die stuk op die planke moet kom. Dit was egter so ver soos wat dit gekom het, hoewel 'n radioweergawe van die stuk enige jare tevore (*Die Dag van Toorn*) aansienlike wel-slae gehad het. Ek het die stuk met die onvolkomendhede wat dit het, grootliks agtergelaat. Maar ek sou my wel kan voorstel dat as daar belangstelling aan die kant van die amptelike toneelhere was, die stuk in 'n lewendige werkwinkel tot iets wat die moeite werd is, kon ontwikkel het.

Die ongeluk was, glo ek, dat die stuk — om Eghardt weer aan te haal — te veel te doen het met ‚ons mense en ons tyd’. Maar ‚ons mense’ is alle mense wat hier woon: blank, bruin, swart; en dit baat niks om te maak of dit ons blankes se uitsluitende aangeleentheid is nie. Niemand, hoe goed hy dit ookal bedoel, kan in laaste instansie vir 'n ander besluit nie.

Ander voorbeelde sou aangehaal kan word, maar ruimte ontbreek. Laat ons liewer kom by Eghardt op Saffier (terloops, hy is 'n goeie ou vriend wat eers Kemp in *Die Jaar van die Vuuros* by die eerste aanbieding in 1953 op voortreflike wyse gespeel het) wat gou-gou hartelik saamstem dat as 'n skrywer nie eietyds kan wees nie, hy maar liewer moet ‚attire’, soos Adam Present sal sê.

Die kuns is noodwendig tydgenootlik, antropomorfies, en het diep ontologiese wortels. Sê maar, die kuns, ook die letterkunde en drama, is 'n lofsang: dit is die manier waarop die mens met die instrumente wat byderhand is (klip, verf, die

woord) dit wat is — wat in eerste instansie konkreet is — herontdek en openbaar. Daarom is die kuns — ook die letterkunde en drama — altoos weer openbaring. Deur die sinne vind ons ons weg tot wat anderkant die sinne lê. Dit beteken dat ons oor die mensheid skryf deur 'n mens — die mens soos ons hom om ons weer ontdek — te skryf. Alle letterkunde is dus ook eintlik 'n soort vleeswording. Dante het dit uitgedruk deur te sê dat hy die ewigheid sigbaar maak in die alledaagse sake van Italië. Die letterkunde en drama vind sy diepste uitdrukking in tragiek en komedie. Tragiek is nie Grieks maar menslik. Dit gaan altoos oor wat William Golding sou noem die mens se „free fall”: sy vrye eet van die boom van kennis van goed en kwaad om soos God te wees; die ironiese ontdekking (as sy oë oopgaan) dat hy nie slim is nie, maar naak. Komedie is tragiek wat sy lag nie kon hou nie. Die komiese mens is die tragiese mens wat homself gered het — deur hulpeloos aan die lag te raak. Die komies-tragiese wat noodwendig die ironiese insluit is slegs moontlik wanneer ons alle rasionale planne vir die ewigheid laat vaar en hierdie tyd en hierdie samelewing opnuut en in ootmoed herontdek. Dit, terloops, is die ware inhoud van die beweging om sekularisasie in die moderne filosofie en teologie. Die ewige en dodelike vyand van ôf die tragiese ôf die komiese (en daarom die mens se sinvolle en vernuwende ootmoed) is ons beeld-na-buite. Ons *Image*. Want dié beeld-na-buite is altoos 'n gesnede beeld. 'n Drama wat nie ons beeld-na-buite in gevaar durf stel nie, is 'n dooie verlies.

Dis toe die trant van die gesprek, toe Eghardt kom kuier. Ons drink koffie en stap op die werf rond en kyk na die mooi uitsig op die Drakensteinse pieke. Die beste voorbeeld, herinner ek, van 'n dramaturg wie se tragies-komiese siening te veel was vir sy eie samelewing se beeld-na-buite was Ibsen. Dertig jaar lank het hy as banneling (byna) in die vreemde gewoon. Wonderbaarlik egter is dat dit juis Ibsen se stukke was wat Noorweë oplaas beroemd gemaak het. Nie 'n land se helde nie, maar sy feilbares het hom aanneemlik gemaak, bemind gemaak.

Ons is dit eens. Baie van wat gesels is, vind ek terug in Eghardt se artikel van 21 Januarie. Maar die knoop is aan die ent van die riem. Dit synde so, sê ek, sal die amptelike instansies geen Afrikaanse drama laat opvoer wat ons waarlik aan onself weer bekend stel: as tragiese mense, as komiese mense; as niks anders nie as wat die mens nog altoos was.

„Is jy heeltemal seker?” vra Eghardt en ek voel ons is nie meer *ad idem* nie. „Probeer maar gerus.”

„Nie tensy daar minstens die moontlikheid van bankrotskap deur ons amptelike instansies erken word nie,” sê ek. „Kom nou, Eghardt, ek sal jou vertel van die twee stukke waarmee ek al lankal in my kop rondloop. Dan kan jy my sê of Truk of Kruik of Twak of wie ookal sal waag om dit op te voer.”

„Goed,” neem hy my ernstig op. „Vertel.”

„Die eerste stuk — komedie —,” sê ek, „heet *Die Man met die Goue Skroef*. Dit gaan oor 'n goeie burger van die land wat op 'n dag ontdek dat hy 'n goue knop het, pleks van 'n naeltjie. Hy raadpleeg al wat medikus is — tot prof. Chris Barnard. Niemand kan die ding verklaar nie. Daarna raadpleeg hy reekse ander hoogwaardigheidsbekleërs, kom selfs by 'n teoloog uit. Dié sê vir hom in goeie teoloë-taal hy vermoed die knop is *fundamenteel*. Hy moet tog nie daaraan raak nie. Die goeie burger vra op 'n dag sy nooientjie of sy ook dalk — 'n goue knoppie het. Sy kyk en sê nee, sy het net maar 'n naeltjie. Die goeie burger kry later die raad om 'n toordokter in Soweto te raadpleeg. Dit doen hy. Dié sê die baas moet in die maanskyn in die veld gaan lê. Die goeie burger doen dit. Lank lê hy daar. Die maan kom op en 'n tokkelossie kom met 'n maanstraal af en gaan sit op die goeie burger se maag; haal mooi 'n diamantversierde skroewedraaiertjie uit — en begin die goue knop van die goeie burger losskroef. Tien draaie, en daar trek die tokkelossie 'n tamaaie lange, goue skroef uit. Woeps! spring die Tokkelossie weer op sy maanstraal en weg is hy. Die goeie burger staan verbaas op — en sy fondament val af.

„Eghardt,” vra ek in alle erns, „sal Truk dit opvoer? Of sal dit die fundamente skud?”

Eghardt meesmuil. „Wel, jy kan altyd probeër,” sê hy.

„Goed, ek sal probeer,” antwoord ek, „as julle my uitnooi. In alle erns, daar is nog 'n stuk: *Bacchae* '68 in Moderne Suid-Afrikaanse drag. Jy weet mos, Euripides het dit eerste geskryf — in Griekse drag. 'n Land is in die greep van die nuwe Dionysiaanse godsdiens. Almal word deur die Idee meegevoer. Dit maak die lewe sinvol. Dit voer ons tot ongekende hoogtes van prestasie. Dit is ons plan vir die ewigheid. Net maar een — amper soos Koki van *Raka* — gaan nie mee nie. Hy is Pentheus. Maar sy eie moeder en haar volgelinge op 'n fees word so meegevoer deur die nuwe Idee dat hulle in die veld rondtrek en 'n leeu lewendig met die hande verskeur. Agave — Pentheus se moeder — verskyn dan triomfantelik met die kop van die 'leeu' in haar hande, hou dit omhoog vir die wêreld om te sien. Die ou Kadmus hoor haar aan, sê dan aan Agave dat die kop wat sy so omhoog hou nie die kop van 'n leeu is nie, maar die kop van haar seun — Pentheus . . .”

Eghardt kyk my aan, asof hy my nie te ernstig wil opvat nie. Hy hoef ook nie. Tog glimlag hy bietjie droewig. Dalk weet hy maar te goed van die probleme met beheerrade, raamwerke, beelde-na-buite, die skrywer wat die 'mooie' moet wys, 'n verheffende en besielende 'boodskap' moet bring; Dalk weet hy ook dat die beste boodskap dié van ons eie onvermoë is. Slegs deur te lag kan ons daarvan gered word. Dit wis Aristophanes, Shakespeare, Molière, Ibsen, Tsjekow, Shaw . . .

Maar laat Eghardt die twee stukke wat ek in my kop rondra maar vergeet, as hy wil. 'n Suiwerder toets sal waarskynlik die vraag wees — soos ook in *Die Burger* indertyd gestel — of 'n Afrikaanse *The Blood Knot* (Athol Fugard) op ons planke moontlik sal wees. Internasionale publikasies oral het hierdie stuk aangeprys as een van die merkwaardigste van die afgelope jare, wáár ookal. Fugard het die regte komiese toon gevind. Hy het nie veroordeel nie, ook nie verskoon nie. Hy het begryp dat die bevryding van die lag ons skoonste menslike ervaring kan wees. Dit is ook ons redding.

Maar wie weet, dalk is ons nader aan 'n terugkeer na sinmakende Afrikaanse drama en toneel as wat ek reken.

Niemand sou dit harteliker tegemoet gaan as hierdie pennestoter nie.

NAGUIL

As kind het ek die uil gevrees;
hom slegs in repies lig,
soms wit — verskrik sien opvlieg,
soms grys bedees
sien sit.

Ek het gedink dat vrees en onmag
deel is van 'n kind.
Ek moes die alfabet vermag
en só 'n eie pad bedink.

Ons vrees die woord,
maar heilig hom;
hurk klein verstom
en wag dat dié grys koord

sy sagte binding aan ons toon
— hier waar óns woon.

„HUPOKRISIS“ (1)

my woorde dool
langs vreemde weë
om by hul terugkeer
niemand te laat wis
hoe omgekeerd hul pool
van oorsprong is

bose slange
in die donker bome
van my brein
het bitter
in my hart gebrak

die fyn balans:
ek het my siel gespeen van doen
en net sy swarte dink behou

my dade loop gekleed in wit
terwyl my dink wanhopig bid

„hupokrisis“ = om toneel te speel

ISOLEMENT

Die moederskoot is nou te klein
om my weer daarin te ontvang.
Sou mense lag en steeds dié pyn
met soen en drif probeer verdryf?

Ook êk werp my harde vreugde
in 'n gekke chaos;
noem dit liefde
en verwag dat
my verpotte hart
weer wilde toertjies
uit moet haal.

Soms blaai my hande
deur die bewerige blaaie
van 'n Boek;
my bid walg
en krimp tot niks,
— dié kleiner eggos
van my glo en dink.

O Heer,
ek dra die teken van die Tyd
in dié dunheid van my bloed;
maak U duister drempel wyd
en oop, sodat my oog U gloed
kan sien,
en bind my sterwe ewig vas aan U.

Selfs ná die sterwe van die Tyd,
sal héél my wese tas na U.

DIE AFRIKANERVOLK WIL LEEF

Heroriëntasie van ons Kritiek 4

Die Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing word opgesom in drie woorde: *ek wil leef*. Geen Afrikaner het hierdie woorde egter ooit bewustelik so gebruik nie; want hulle verteenwoordig 'n onbewuste begeerte en 'n onuitgesproke instink. Ons volk sê dit nie so sistematies nie, maar pas dit onbewus toe en elkeen druk dit in sy eie simboliek uit. Die Afrikanerdom sê dit met die feite van ideale, skeppende arbeid, opoffering en toewyding.

Omdat dit wou leef, het hierdie nasie die Voortrek onderneem en die donker kontinent beskaaf. Daarom het dit deur beproewing en versoeking deur die Christelike etiek gehandhaaf; en daarom het die klein Boererepublieke 'n oorlog vir onafhanklikheid teen Groot Brittanje geveg. Hierdie oorlog word 'n Vryheidsoorlog genoem, wat aandui dat die instinktiewe wil om te leef as doelgerigte vryheids*gedagte* ontplooi is. So 'n *gedagte* is 'n filosofie en dus 'n beskouing.

Die beleidrigtings van die Voortrekkers, die Boererepublieke, die Dorslandtrekkers, die Taalstryd, die Reddingsdaadbond en van die Republiek Suid-Afrika was noodwendig die vrug van die Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing. Dit het die wil om te leef toegepas; daarvoor gely en gestry, en ons staatswysbegeerte daarop gegrondves.

Enige lewensbeskouing ondergaan gedurende die eeue van sy evolusie vier metamorfoses: die instinktiewe, die verstandelike, die sistematiese en die dekadente.

Die eerste stadium is dié van die oermens, die tweede is dié van Homeros se epiek en van die Tweede Taalbeweging by ons, die derde is dié van die Griekse Geluksleer, Kant se Pliksleer, en Smuts se Heelheidsleer by ons.

Die vierde verskil soos dag en nag van genoemde drie, en ons volk het nog nie 'n voorbeeld daarvan ontwikkel nie. Dit is dié van die kapitulerende westerling wat in die wanhoop van die nihilisme na die strooiham van seksontvlugting en rewolusie gryp. Dit is die filosofie van die sterwende Europa. Die dryfveer is nou nie meer *ek wil leef* nie, maar *ek wil sterf*, of liewers: *ek wil versleg*. Nietzsche sê daarvan: *Ons hele kultuur stuur op 'n ramp af, soos 'n stroom wat na sy end toe wil . . .* Die slagoffers van hierdie beskouing veg en bou nie meer nie. Hulle ontaard opsetlik, want hulle is sonder ideaal of volkstaak — futiel en steriel.

Die begrippe *ek, wil en leef* het 'n breë dieper betekenis. *Ek* beteken nie my eie-ek alleen nie, maar eintlik ek én my gesin, én my voorgeslag, én my nageslag, met my hele taal, kultuur en literatuur daarby inbegrepe.

Die begrip *wil* impliseer nie net 'n begeerte of instink nie, maar óók die bekwaamheid om te werk, die stoerheid om pyn en smart te verduur en die sielsadel om sonder geld of loon die goeie ná te streef. Soos hierdie wil in ons vaderlandse geskiedenis verwesenlik is, ontleen dit sy stukrag om berge te versit aan twee soorte geloof — manlike vertroue in eie bestemming, en kinderlike gehoorsaamheid aan God se roeping. Die twee soorte geloof word o.m. in die volgende twee verse vergestalt:

- (1) *Ek hou van 'n man wat sy man kan staan . . .
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!*
- (2) *Op U almag vas vertrouend,
het ons vadere gebou . . .*

Die term *leef* beteken nie net op 'n ledige en sinlose wyse bestaan nie, maar om goed, skoon en vry te leef. Dit veronderstel optrede, daade, wat bates en skatte soos beskawing, wetenskap, handel en nywerheid skep.

Lees nou 'n Afrikaanse gedig en u sal opmerk hoe die volle betekenis van die motief *ek wil leef* soos sonligstrale daaruit stroom. In party van ons kunswerke juig die wil oor sy triomfe, in ander ween dit omdat die dood oorwen het.

Hier volg twaalf historiese uitsprake wat kan geld as die twaalf artikels van die Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing:

1. *Ek loop liewers kaalvoet oor die Drakensberge!* — Debora Retief.
2. *Kent gij dat volk vol heldenmoed,
het heeft geofferd goed en bloed
voor vrijheid en voor reg . . .* — Volkslied.
3. *Ons kan nog veg!* — genl. De Wet by Vereniging.
4. *Soek in die verlede wat goed was en bou die toekoms
daarop . . .* — pres. Kruger.
5. *Suid-Afrika eerste!* — genl. Hertzog.
6. *Afrikaner, wees jousel!* — Handhawersleuse.
7. *Jy mag 'n gegewe perd nie in die bek kyk nie* — Spreekwoord.
8. *Die heelheid is meer as die som van sy dele.* — Veldm. Smuts.
9. *Wees getrou aan uselwe, aan elkander . . .* — Lied.
10. *Leer ons volk elkeen vir homself dink.* — A. Alberts.
11. *Lewe in die ruimste sin is God se hoogste doel in die skepping.* — Freda Linde.
12. *Afsonderlike ontwikkeling verseker beskaafde voortbestaan . . .* — Dr. Verwoerd.

Vergelyk nou die volgende twee beskouingsbelydenisse:

A. *Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.*

B. *Al wat ek weet, is dat ek bestaan; God is dood.*

So 'n beskouing soos A gee aan die lewe 'n doelgerigtheid wat weë en metodes uitvind om as middele tot die doel te dien. Party van die middele tot die lewe is geweldige sisteme soos Taal, Werktuigkunde, Reg, Kuns, Sedes, Politiek, Wysbe-

geerte, Wetenskap, Onderwys, Handel, Nywerheid en Landbou. Al hierdie bates is terwille van die lewe; nie die lewe ter wille van hulle nie. Hulle is in belang van en ondergeskik aan die lewe.

Neem byvoorbeeld moraliteit. Omdat die mens 'n gesin moet vorm om sy doel, die lewe, te kan verwesenlik, woon hy in 'n samelewing. Hiervoor is sosiale middele, sedelike norme, ontwerp. Een norm verwag van 'n man om met een vrou te trou, en om die huislik sielkundige atmosfeer wat die kindergemoed weens sy intelligente soogdiernatuur benodig, te voorsien. Die man moet daarvoor morele selfbeheersing toepas, anders word die doel verydel.

Die nihilisties-anargistiese reaksie teen morele selfbeheersing het ontstaan omdat godsdiens in die outyd moes dien as die al-middel tot die lewe. Dit moes die pligte uitvoer van die polisie, dokter, onderwyser, strateeg, filosoof, reënmaker en waterwyser. Vandag is byna al hierdie funksies deur beroepe en organisasies oorgeneem. Eintlik is almal behalwe een oorgeneem, nl. die etiese, waarsonder geen mens, staat of kultuur kan bestaan nie.

Die nadeel van die verheideningsproses is dat, terwyl middele soos die wetenskap sommige funksies van godsdiens oorgeneem het, die mens moreel verwaarloos is. Daar bestaan *in praktyk* geen sekulêre etiese stelsel nie, en dit is 'n beskaafde gemeenskap se grootste *behoefte*. Hierdie behoefte is die grootste vraagstuk van ons eeu, en dus van ons letterkunde.

En dit is waarom ons vandag noodgedwonge 'n verantwoordbare Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing móét hê. Reeds lank is al hieroor gepraat, maar nog nooit het iemand werklik daarvoor besin of navorsingswerk daarop gedoen nie. Daar is maar net bewerings en veronderstellings hieromtrent gemaak, waarvan die meeste uiters onoorwoë en onwetenskaplik was.

Een van hierdie gevaarlike veronderstellings was byvoorbeeld dat net enersdenkendes die Afrikanernaam waardig sou wees, en dat alle andersdenkendes uit die sinagoge gesmyt behoort te word. Die staat en die regstelsel het egter blykbaar nie so gedink nie. Dit verwag van elke burger om sy lewe, besittings, tegniek en tegnologie in die land se diens te stel, en vorder belasting van elkeen wat asemhaal.

Waar opregte Afrikaners soms nie aanvaar kon word nie, word immigrante uit vreemde lande, met baie soorte gelowe en ongelowe vandag aangelok.

Die *ware* Afrikaanse beskouinge bestaan immers nie uit 'n geslote kring, kliek of kerk nie. Dit aanvaar alle burgers *behalwe* verraaiers van sy lewensbeginsel. Dit is so ontsaglik diep en wyd dat dit alle persone, leerstellinge en organisasies omsluit. Dit bied plek vir die Calvinisme, panteïsme, holisme, evolusionisme, separatisme en eksistensialisme; ook vir die Romeins-Hollandse reg en vir al die natuurwetenskappe.

Die rigsnoer wat die afgelope dertig jaar in ons letterkunde toegepas is, was egter nie die *ware* Afrikaanse beskouing nie, maar die *valse*, die onwetenskaplik-veronderstelde, gewensdenkte uitskopfilosofie. Daar is van elkeen verwag om daarmee te konformeer. En nuwe waarhede kon net op drie maniere in ons taal ingesmokkel word: eerstens, onder die camouflages van beweerde poëtiese duisternis, soos die religie van sommige digters; tweedens in die skaduwee van sensasie en seks wat weens die geldmotief deur geen kerk of keurder gestuit kon word nie; en derdens, ten koste van die eerlike skrywer wat homself aan sadistiese ostrasisme blootgestel het.

Terwyl skrywers soms hierdie geestelike tirannie (soos in voorbeelde een en twee hierbo) kon *omseil*, kon die Afrikaanse kritiek egter geen uitweg of omweg beding nie. En die gevolg is: daar bestaan (veral in die prosa) géén Afrikaanse kritiek meer nie.

Die boekbesprekings wat verskyn, is nie kritiek nie, maar apologetiek, eksegetiek en simbolistiek. Omdat die apologet onbewus weet dat 'n literêre dwinglandy van die skrywer eis om te konformeer, voel hy homself geroepe om die skrywer se vryheid te verdedig. En wanneer hy eenmaal in 'n verdedigingsigose verval het, maak hy propaganda. En propaganda is m.i. sedert die tweede wêreldoorlog die grootste gedrog van ons eeu.

Het u al ooit gehoor dat 'n advokaat sy kliënt *kritiseer*? Nee. Regters doen dit, en dan stuur hulle dieselfde persoon wat deur die advokaat so vurig verdedig is, galg toe.

Die verskil tussen 'n kritikus en 'n apologet is dit: die een vel 'n objektiewe waarde-oordeel, die ander roem die vaderlandsliefde, of verduidelik sielkunde, of oorreed die lekeleserspubliek om hulleself te verbeel dat hulle onverstaanbare werk sou verstaan of ongenietbare stof sou geniet.

Soos 'n goeie advokaat sy oë vir sy kliënt se foute sluit, so vergeet die ekseget dat daar geen sielkunde en geen simboliek in Shakespeare is nie.

Vroeër is daar in ons letterkunde gediskrimineer. Enkele skrywers is sielseer gemaak, ons letterkunde is verarm en ons kritiek ondermyn. Nou word daar weer gepatroniseer.

Omdat ons letterkunde nie lewensbeskoulik vry was nie, is die objektiewe kritiek wat Schoonees, Francois Malherbe en Dekker probeer opbou het, vandag dood. Tog sal niemand dit beween nie, want daar het hierdie nuwe hoop ontstaan: dat skrywers in die afwesigheid van gesagskritiek voortaan vrygelaat sal word om kragtens eie gewete en volgens eie talente te skep.

Elkeen wat Afrikaans aan moedersknie geleer het, elke afstammeling van Voortrekker, Bittereinder of Dorslandtrekker, elke man of vrou wie se seun vir militêre diens geloot is, is *geregtig* op sy eie plek in ons kultuur en in ons literatuur. Afrikaans is ook sy geliefde moedertaal, eiendom en heiligdom.

Dis ook sy *plig* om dit na die beste van sy vermoë te handhaaf, deur dit te praat en daarin te publiseer. Geen kritikus, keurder, redakteur of professor, deskundige of gesaghebbende besit die reg om sy oortuigings, geloof, siening, manuskrip, taal, styl, sy andersheid of andersdenkendheid af te keur nie. Hoe onvolmaak sy bydrae ook al mag wees, dis 'n onskendbare offerande op die volksaltaar.

Ons nasie is klein en arm. Daar is duisende vyande op die aardbol teenoor een Afrikaner. Daarom kan ons nie bekostig om die geringste volksgenoot se siel seer te maak nie. Streng eties mag dit in ieder geval nooit gedoen word nie, want onreg is altyd onreg.

'n Historiese feit bewys dat beroemde professore nie in staat was om te oordeel of 'n ou, bekende boek kuns of prul is nie; waar sou hulle dan die bevoegdheid kry om 'n nuwe, onbekende manuskrip te veroordeel? Desnieteenstaande heers die *illusie* by ons uitgewers dat daar gesaghebbendes sou bestaan wat 'n manuskrip sou kan en mag afkeur.

Hierdie betoog kom daarop neer dat 'n Afrikaner vry is om sy eie smaak en oortuiging te handhaaf. Dit maak geen verskil of hy 'n Calvinis, 'n panteïs of 'n holis is, solank hy sy lewe en sy besittings in diens van die nasie stel, en solank hy die taal en die vryheid lief het nie. Daar is egter ses ideologieë wat ons nasie doelbewus en sistematies wil doodmaak. Hulle is nihilisme, kommunisme en liberalisme van buite af, en konformisme, fariseïsme en ostrasisme van binne af. Hierdie ses kan 'n Afrikaner nie aanhang nie, omdat hy dan die grondbeginsel van sy eie lewe en die nasie se lewe móet verloën; omdat dit m.a.w. persoonlike en nasionale selfmoord sou beteken.

Die laaste drie is die gevaarlikste, want dis die Raka-isme binne in die volksiel self wat Koki die stryd laat verloor, nié die Raka-isme wat doer buite in donker bosse brul nie. Die ses werk psigologies in pare: elke vyand buitekant die heining het 'n polêre wederhelf binne in die kraal. 'n Skêr met een lem kan nie knip nie.

Die enkeling moet egter realisties wees en onthou dat nie hy alléén regte en vryhede besit nie, maar ook elke ánder mens en óók die volk. Daarom: as 'n ware skrywer sal swyg, selfs sal sterf, liewers as om te buig, mag 'n ware lesers ook weier om te aanvaar wat geskryf word. Dus het 'n volk die reg om 'n deel van sy letterkunde te verwerp, selfs al is daardie deel beweerde of gepropageerde kuns. Opregte kuns is veilig vir enige mens, maar baie bluf wat kuns genoem word, is gif.

As 'n biologiese liggaam die reg het om vreemde organe en gifstowwe te verwerp, het 'n nasie ook die reg om sy eie lewe te bewaar. Kuns is beslis 'n baie groot waarde, maar die lewe is die waarde van alle waardes, die doel van alle middele. Die volk se lewe mag, volgens die Afrikaanse wêreld- en lewensbeskouing, deur geen waarde van 'n laer orde of mindere kategorie ondermyn word nie.

'N STREPIE REENT

„Ja, man, so hard soos 'n klip sê ek jou! Ek het hiernatoe gesit en daarnatoe gesit. Ek sou betaal net wat hy vra en alles vooruit daarby. Maar die kêrel wil niks weet nie. 'n Mens sou sweer hy gaan self op die gras wei! Maar so gaan dit, Hennerik, so gaan dit. Die dae toe mense nog mekaar gehelp het, is verby! Nou ja, ek moet liewer ook maar ry en gaan kyk na my ou paar blylê-goedjies. Hoe ek hulle aan die lewe gaan hou, dit weet die Goeie Vader alleen! Totsiens, Hennerik, totsien, meneer.”

„Jy weet,” sê oom Hennerik toe die stof van die motor oor die werf waai, „die ou Klaas is darem 'n klaagpot. Maar Willem ken hom seker ookal teen die tyd so 'n bietjie. Sy ou paar blylê-goedjies! As almal se diere blylê dan is Klaas van Vrede se skaap nog spekvet. Kyk nou na daardie klompie lammerooie van my as jy wil sien hoe blylê lyk. Nee, as Willem 'n man sal help, dan sal dit vir my wees.”

'n Uur later, op die pad na Willem se plaas, sê oom Hennerik: „Jy weet, die Willem is sommer 'n agtermekaar seun, 'n agtermekaar seun. En hy was mos net drie dae gelede hier en hy het nie 'n enkele woord gerep oor die strepie reent wat hy gekry het nie. Maar so is hy. Nie 'n man wat sy mond oopmaak as dit nie broodnodig is nie. En hy het nie my lammerooie gesien nie. Jy moet nou net versigtig ry, let fyn op vir die los klippe, as ons nie teenspoed kry nie is ons netnou-netnou daar.”

„Ja,” sê oom Hennerik toe ons 'n langerige vlakke vat, „die Willem is 'n kêrel met deursettingsvermoë. Hy het die laaste stukkie kroongrond gekry. Hy was destyds nie getroud nie en omdat die regering net grond aan getroude mense gee, moes Willem maar rondspring van een plaas na die ander. Hy het 'n hele tyd by my ook gestaan. Jy kan ou Willem se penarie verstaan. Hy moes 'n vrou kry en hy moes 'n plaas kry en hy moes albei gou kry. Grond was besig om skaars te word. Jy weet, daar is nie 'n meisie in die omtrek van honderd-en-vyftig, nee, dis nader aan die waarheid om te sê twee-honderd myl, waar Willem nie probeer het nie.

Dit was in die tyd toe hy met sy veetjies by my gestaan het, dat hy rêrig begin ernstig raak het. Hy het met Marietjie begin. Sy was nou wel nog 'n bietjie jonk maar as Marietjie hom wou gehad het, sou ek nie in hulle pad gestaan het nie. Maar die ding wou nie werk nie. Met haar verjaarsdag, dit was in 'n skoolvakansie, het hy 'n lappie goed vir 'n rok gekoop. Hy wou hê die tannie moes dit vir Marietjie gee maar sy het gesê Willem moet dit self gee. Nou moet jy weet, die meisiekind was toe net op die ouderdom waar alles wat van die plaas afkom of iets met die plaas te doen het, stink. In elk geval, die besigheid het nie goed afgeloop nie. Marietjie het die materiaal

glo in sy gesig gegooi en daarby 'n klomp lelike dinge gesê: Dat hy so onnosel is dat hy nie eens weet wat se present om vir 'n meisie te koop nie, en so aan. Ek weet want Willem het by my kom kla en ek het vir Marietjie 'n afgedankste pak slae belowe as sy ooit weer 'n ordentlike man so onbeskof behandel.

Willem het darem gou daar oorgekom. Hy het die wêreld plat gery op soek na 'n vrou en 'n plaas. Die mense en veral die jong meisies het vir hom gelag. „Jong,” het een glo aan Marietjie by die skool vertel, „ek is seker hy besit net daardie een kort kakiebroek en hemp. En daardie skoene van hom het nog nooit in hulle bestaan politoer gekry nie. Miskien weet hy nie dat daar iets is wat 'n mens aan jou skoene kan smeer nie.”

Hulle het ook probeer uitvind oor sy skooldae maar oor dié tydperk was hy baie swygsaam. En omdat hulle bang was vir misverstand, kon hulle nie hulle ouers vra nie. Hoe sal 'n mens buitendien aan die kinders verduidelik dat daar 'n groot verskil tussen vandag se drie en die standerd drie van dertig jaar gelede is?

Toe, op 'n goeie dag, gaan Willem in die Kaap kuier. By een of ander veraf familielid. Na twee weke kom hy terug. Hy praat nie. Maar so 'n maand later sit hy weer af Kaap toe. En toe hy terugkom, bring hy 'n vrou saam.

Man, jy moes die ou spul meisietjies hier rond gesien het. Hulle was behoorlik met stomheid geslaan. Ou Willem, wat die paaie hier sinkplaat gery het agter die nooiens aan, die einste Willem kom toe sommer hier aan met 'n splinternuwe vrou uit die Kaap.

Na die ergste verbasing oor was, het hulle natuurlik begin skinder. Wat was verkéerd met die meisie, wou almal weet. Was dit 'n oujongnoui, lelik soos die nag? Maar sy was jonk, nog nie eens twintig nie en daarby glad nie onaansienlik nie. Het sy een of ander gebrek gehad: net een been, een bors of een arm? Nie sover hulle kon sien nie. Het sy aan een of ander ongeneeslike siekte gely? Nie sover hulle kon uitvind nie.

En met Willem, maar ek het jou mos reeds gesê, hy is sommer 'n agtermekaar kêrel, het dit voor die wind gegaan. Hy het 'n plaas gekry en hy boer vorentoe want hy kyk agter sy goed. Dit is nou omtrent vyf jaar vandat hy getroud is en in die tydjie het sy skaap sommer baie geword, hoor, sommer baie.”

Gedagtig aan die vrugbaarheid wat ek in hierdie wêreld, veral wanneer dit voor die wind gaan, by mens, dier en plant opgemerk het, vra ek: „Het . . . ee . . . Willem nog nie kinders nie, oom Hennerik?”

„Ja,” sê oom Hennerik toe, „Ja, miskien moet ek jou maar sê. Kyk, jy ken nog nie die ou wêreld soos ek nie. En veral as 'n man die dag verleë is, moet jy in jou spoor trap. Nou kyk man, die seun van Dawid en Beatrix is nou vier jaar oud. Sien, ek sê niks nie. Die ander mense sê daar is iets verkeerd. Omdat die vrou van Dawid 'n stil een is wat amper nooit praat nie,

nou weet hulle te vertel dat die vrou nog stomper as Dawid is. Natuurlik alles kaf, ek sê maar net vir jou wat die mense sê. Nou die kind, party mense sê 'n mens moet dit verwag as twee sulke stomp mense trou. Dis natuurlik ook nonsens. Party kinders ontwikkel net stadiger as ander, dis al. Die kind kan nog nie praat of loop nie maar hy skuif homself darem al so rond van plek tot plek. En partykeer maak hy 'n bietjie aardige geluide, soos 'n dier sê die mense. Dis natuurlik weer nonsens. Watter kleintjie skree nie partykeer op 'n onsmaaklike manier nie. Ek vertel jou maar net omdat jy nog bietjie jonk is en sodat jy jou nie moet ontstel nie. Jy kan gerus 'n bietjie aandag gee aan die kind en speel met hom. Jy weet hoe is ouers met een kind. Buitendien is hulle sommer agtermekaar mense. Kyk, daar steek Dawid se dak nou uit, net daar links van die kameeldoringboom in die laagte."

BONNIE DUVENHAGE

AS DIE SEE

As die see
in die middaguur
so sonder golwe
lomerig word
en sluimer
ruk ek jou
uit die verlede
terug tot in die hede.

MIKPUNT
Teen dit wat kwel
het hy gemik
sodat nóg te kort
nóg te ver
oor alles heen
dié skoot
op die mikpunt stort.

TUISKOMS

Dis alles die rooi haan se skuld. Hy het vanmôre gekraai. En met sy kraai teen die rooi oggend het hy my dag laat omtuimel. Sestien verdiepings hoog. Tussen drie Plasconverfblikke deur. Sestien verdiepings hoog — met niks tussen hom en die oopte van 'n agterplaas nie, behalwe die hysbak van die hoë gebou. Maar hy weet nie hoe die hysbak werk nie, anders sou hy lankal weggeloop het. (Ek weet hy kan nie meer vlieg nie). Waarheen? Na sy oopte toe. Hy weet waar.

Ek het hom altyd gehoor. Maar ek het gedink dis 'n radio. 'n Radio kan alles wat klink námaak. Maar vanmôre toe ek inkom met die dagbreek op my rug, en die hysbak se deur oopmaak, (vaak soos Ma as sy die agterdeur soggens vyfuur oopstoot) toe hoor ek hom. Ek het by die venster hier uitgekyk op die dak van die gebou langsaan. Sestien verdiepings hoog. Ek kon onmiddellik sien hy is ontevrede om sestien hokke hoog te woon. Die son vang hom seker te vroeg daar bo. Miskien hou hy nie van die stadslewe nie; of is die vernedering te groot omdat hy nie weg kan vlieg nie?

Sy kraai was 'n vreemdsoortige aankondiging. Anders as die van rooi hane in oop agterplase. Verbaas het ek dit herken as 'n woedende aantyging — teen die hysbak, óók beperk, wat hom daar hou. Wie kon dink mens hou hoenders aan op die dakke van sestien verdieping-hoë geboue? En Plasconblikke vir blomme.

Hy het vir die tweede keer gekraai.

Ek was jammer vir hom. Ek dink hy het net gewag vir iemand om vroeër te kom as die son. Die wat ná die son kom sou hom nie gehoor het nie, want hulle is laat vir werk. Ons is almal laat. Ek was laat vir slaap. En baie vaak. Hy seker ook; ek kon sien hy het 'n onrustige nag gehad. Hy het na my gekyk met 'n beskuldigende houding van sy kop, sy rooi kam skerp en woedend skeef op sy kop. Asof ék sy henne van hom weg-hou; sy henne met hul vloksagte kuikens. En weer gekraai.

Toe onthou ek.

Die hok met hoenderklanke. En die klip wat die hek halfhartig toehou, met die aartappelbedding langsaan: vol hoenderspore as dit nat is. Dit was altyd nat. Die rooi oggende was klam en vol viertoonspore. Ek spit aartappels uit die klam grond. Voel hulle: swaar en koud en vol. En hoor die henne oor hul kuikens kik. Kruisbesbosse teen die draad. Klein uitgewande boompies; bruin, bruin bessies — hoe hét die verbode vrug gelyk? Met hoenderdons tussen die fyn takkies vasgewaai. Daar het die rooi haan sy henne plegtig hul middagrus gegun.

Waar groei die kruisbes nou?

By die hoenderhok, waar die rooi haan die dagbreek roep. By die Plasconblik. Waar die rooi haan die dagbreek vloek.

HEWITT VISSER

WOONSTELBESTAAN

Hy is bevrees die wildebees
sal skielik uit die ruigte opkom
besiel met drifte en verlangens
die sin waarvan hy nooit wil opsom.

Dus bly hy in die woonstel sit
en sluit die deur voor die profete:
die swoele stilte moet bewaar bly
teen mense met 'n gees besete.

Stadig verdof die dorre dae
alles word egalig grys
daggaverdowing en LSDdrome
verower die plek van rus en spys.

GEBED UIT DONKER AFRIKA

In miljoen harde hoeke van roetbesmette
steen en rotbewone riool,
in duisend koue kamers van enkelvertrek
huise en dierwarm beddens
is daar, Heer U weet, vannag
pyn, alleenheid, hongersnood, en rou
waar u gebreekte liggaam ingekrimp
kreun, en anskreet
breek uit u gemartelde gemoed
My God, my God, waarom het U my verlaat?
Maar ek, uitverkore om u kruis
daaglik op te tel en agter U te dra,
warm en veilig, lê en vreedzaam
rus in u voorsienigheid en vreugde,
vertroeteling.
Hoe kan dit wees? O Heer,
wek in my die waansin van u wee,
steek in my hart die brandpunt van u spuit
spuit suur in dat die pyniging
ook deur my are vloei in sap
wat met die bitter dood 'n egte
mens in my opwek uit 'n gestorwe mosterdsaad.

OUJAARSNAG 1967

Sy dood word toegejuig
onder sang, gelag, en die klink
klink van halfleë glase
dis middernag
uit die warm as van 1967
steier die feniks
deur indiskrete omhelsing
onder die soen van vreemde lippe
gebore in 'n broederskap
wat met die rooidag
in kopseer en omgekrapte maag
die stemming van sy spel
sal openbaar.

CAS KRUGER

LOON

Brand die pad oop, dagbreek toe.
Hoe?
God en die sterre . . . hoe?
BID.
Stort U my: Judas.
Leer my bid;
voor die haan
driemaal kraai.

SEER

Die groot hartseer is in hul oë
(nie soetseer, seer-seer)
Hoe seer moet die miere
se harte nie wees nie?

TOT NAGEDAGTENIS VAN ELIZ. C. M. DU TOIT

Towertuin: *Nagelate gedigte, uitgegee
in opdrag van haar ouers.
(Janssonius en Heyns 1968)*

Lank, lankal gelede het die verteller sy stem verhef en sy verhaal begin vertel, dood natuurlik, sonder verduideliking en sonder teorie. Hy en almal wat hom aanhoor, het geweet sy verhaal is nie van die werklikheid nie, maar van die verbeelding. Niemand het daarin die wette van die omliggende lewe verwag nie, maar elkeen het geweet dat in die wêreld van die verhaal ander „werklikhede” swang het, met hulle eie geldigheidsdwang. Die hoorders het die verteller gewillig en met oorgawe op die voet gevolg in die verhaalwêreld in, en telkens koptknikkend en vol begrip aanvaar wat voorgedra is en dit verrykend in die hart opneem.

Dit was lankal gelede.

Daarna — tussen ons en daárdie vervloë tydperk — het die sogenoemde realiste met teorie en bewysvoering die nadruk laat val op „werklikheidsillusie” en gaandeweg het die „volle lewe” in al sy verydeling en gemors in die middelpunt van ons verhale kom staan, en ons — die toehoorders — so bedot dat ons uiteindelik gaan glo het „kuns is lewe”. Toe het ons verbeelding gesterf, en tans kan ons gerieflik ’n versameling afgryslieke koerantknipsels met skêr en kwas tot bekroningsliteratuur saamgom.

Maar tog het daar in elke tydperk nog die vertellers van verhale oorgebly wat die ou-ou kuns verstaan het om die land van die verbeelding te betree en nuwe mantels van betekenis te hang om ou bekende verskynsels.

So een was Eliz. C. M. du Toit, wat as digteres in die veertigerjare val. Deur die akademiese oerwoude heen het sy, ondanks Freud, Jung en Adler, wat sy as vakmens en as kunstenaar tot op die bodem uitgediep het, die sprokieslewe van haar jeug teruggevind as haar towertuin, en dis hiervan wat vertel word in die bundel nagelate gedigte. Ons kry daarin die naakte angs vir die dood, verwarring in die betonoerwoude wat ons stede noem, verlore liefde, en eensaamheid.

Boweal eensaamheid:

*Vir pyne deur
die merg aan brand,
daar help geen tog
deur towerland.*

*Wie eers alleen is,
bly alleen!*

So is haar ervaring. En uiteindelik is die eensaamheid so groot, die lewensontnugtering so grondig diep, dat niemand meer daarteen raad kan gee nie:

*Al die ou wyses
van vroeër tyd was
toegemessel onder
klippe en gras.
Berge tot bo
teen die hemel aan rys!
Niemand bly oor om die
weg aan te wys.*

Dan bly net nog 'n kinderlike godsgeloof in haar, en dit is die kortpad wat sy vat . . .

So helder soos in die sprokies van ouds, wat van kleins af haar geliefde literatuur was, staan die eensaamheid van 'n mens uitgebeeld op die bladsye van hierdie digbundel, wat deur die ouers bedoel kon gewees het as 'n gedenkteken.

Dit is die verhaal van 'n mens, 'n vrou, wat in lewe die doopname gedra het: Elizabeth Catharina Maria, bygenaamd Prutske. En hierdie verhaal het sy self vertel, enduit, met die middele van die sprokie. Daarin lê haar grootste bydrae tot en verdienste vir die Afrikaanse verskuns.

THEUNIS C. C. LOMBARD

DIGTER EN GEDIG

Die rose maak hy perskes ryp
en in die donker knyp
hy maar die alley-kat
hier êrens in die stad.
Hy sanik weer 'n ou vergete pyn
so onverwags te voorskyn
uit sy ingespande woorde oop,
'n kersvlam wat die was laat loop . . .

SKYFIES

KOMPETISIES VIR INKOMPETENTES

Ja, dis hoe ek nou die bohaai lees oor die prys vir vaderlandse letterkunde. Die groot geeste sê geen skrywer van kapasiteit verwerdig hom om aan 'n kompetisie deel te neem nie. Maar dis tog vir my snaaks: as jou padda verder kan spring as 'n ander ou se padda dan spring jou padda op 'n padda-olimpiade. En 'n man soos Mark Twain skryf sonder om 'n oog te trek 'n verhaal oor „The Celebrated Frog of Cavaleras County”, of wáár die paddas in sy dae ookal gespring het. En as jou hen eiers lê en jou duif vlieg, laat jy jou hen lê en jou duif vlieg. En jou atlete draai kort duskant Meksiko om en jou bokkers boks en jou bulle word aan die neus gelei en één is bulletjie-uitbors, en van voor en agter, bo en onder met linte en strikke behang en sý ma se melk is gemeet — tot selfs haar kruis se wydte en haar hakskeen se hoogte. En Gary slaan „met gemete sorg” vir Suid-Afrika balle na verskeie gate en Karinnetjie, die liewe kind, duik in yskoue water en bibber die leste deel-neemster van anderland stof in die chloor-oë. En Miemie sing voor 'n man wat die pure ore is, en hy wil of hy wil haar nie hê nie vir die rol van die Koningin van die Nag. En ons Betties en Cecils en Alexisse skilder die hele wêreld vol en hang hulle doeke voor 'n keurkomitee en Bettie of Cecil gaan oorsee die wennende verwe uithang, en 'n ander ou wat minder goed was, bly tuis. Maar skrywers van faam ag dit benede hulle hovaardige waardigheid om gemeet te word! En hulle dreig om te méét wie dalk gemeet gaan word! Mens is al skoon bang en praat daaroor. Foei!

HERTZOGPRYS

Dis nou wel mosterd lánk na die maal maar ek het nog deurentyd die gevoel (nes 'n man wat verlepte waatlemoen geëet het) dat ons goeie Afrikaanse koerante teleurgesteld is dat Boerneef die prys gekry het. As dit nou Breyten was, kon hulle tog lawaai het. Party het selfs vals note oor Uys Kriige probeer stryk, al was hy glad nie in die orkes nie.

BEDANKING SONDER BEDENKING

André verkwalik toe die Akademie só dat hy so Breytenbachwaarlik bedank. Die feit dat nóg hy nóg die Akademie daardeur skade gely het, behoort by albei tot bedenkinge te lei.

PRIKKELATUUR

Vir sommige verbeeldingryke mense wat maklik op loops geja word deur woorde het ons letterkunde nou 'n lekkerkunde geword.

'N TAALKWESSIE

Die hoeveelheid seks en anatomie in 'n werk bepaal of dit in Afrikaans geskryf is of wel in Genitalie-aans.

Pan-anatomies die uwe,
Ou Grietjie.

Gedruk deur T. W. Hayne Beperk (Hayne & Gibson), Doornfontein, Johannesburg

Met sorg en geduld lei hy die kind die lewe in. Aan die jong bewussyn skenk hy kennis, denke, begrip. Met sy volwassenheid bied hy 'n beeld van hoe 'n seun 'n man word. Hierdie selfde helder denke pas hy op sy geldsake toe.

Dink ons miskien dat ons hom en ander soos hy met lewensversekering kan vervang?

Nee.

Maar die sekuriteit van sy eie kinders se opvoeding kan ons verseker.

En, dit doen ons.

SANLAM
-lewensversekering
dien deur beskerming



Mr. B. Calitz, skoolhoof van Kimberley, bespreek sy lewensversekering met mr. B. J. Visser, 'n wjksbestuurder van Sanlam, Kimberley.